



# Stellenbosch

UNIVERSITY  
IYUNIVESITHI  
UNIVERSITEIT

forward together  
sonke siya phambili  
saam vorentoe

## Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit van Stellenbosch

<b>Tipe dokument:</b>	Kode
<b>Doel van die beleid:</b>	Om voorsiening te maak vir 'n dissiplinêre kode en -prosedure vir studente
<b>Goedgekeur deur:</b>	US Raad
<b>Goedkeuringsdatum:</b>	20/11/2020
<b>Implementeringsdatum:</b>	01/01/2021
<b>Datum van volgende Hersiening:</b>	Elke vyf jaar of gouer na gelang van omstandighede
<b>Datum(s) van vorige Hersienings:</b>	2016
<b>Beleideienaar<sup>1</sup>:</b>	Registrateur
<b>Beleidkurator<sup>2</sup>:</b>	Direkteur: Regsdienste
<b>Sleutelwoorde:</b>	Kode, Studenteoptrede, Studentedissipline, oortredings, Administratiewe proses, Administratiewe besluit, Reëls, sanksies
<b>Geldende Weergawe:</b>	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling daarvan,

US Beleide is beskikbaar by  
[www.sun.ac.za/policies](http://www.sun.ac.za/policies)

<sup>1</sup> Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

<sup>2</sup> Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

## Inhoud

HOOFSTUK 1 .....	4
Algemene aangeleenthede .....	4
1 Definisies .....	4
2 Die doel van hierdie dissiplinêre kode .....	9
3 Die Universiteit Stellenbosch se Waardes.....	9
4 Die beginsels wat die toepassing van hierdie dissiplinêre kode toelig .....	9
5 Toepassing van die dissiplinêre kode.....	9
6 Dreigende gevare .....	10
7 Opsomming.....	11
HOOFSTUK 2 .....	14
Reëls vir Studentegedrag .....	14
8 Inleiding .....	14
9 Algemene reëls .....	14
10 Akademiese Wangedrag .....	15
11 Oneerlikheid en wanvoorstelling.....	17
12 Seksuele Wangedrag .....	17
13 Perseel en eiendom .....	18
14 Die gebruik van alkoholiese en onwettige middels .....	18
15 Geleenthede en byeenkomste op die Universiteitskampus.....	19
16 Intellektuele eiendom.....	19
17 Koshuise en PSO-wyke.....	19
HOOFSTUK 3 .....	21
Deel 1: Dissiplinêre magte wat aan.....	21
18 Algemene aangeleenthede verskeie dissiplinêre Funkisionarisse verleen is .....	21
19 Die Rektor .....	21
20 Koshuiswangedrag: word deur die Inwonende Hoof, die Huis Dissiplinêre Komitee en die KDK hanteer .....	22
21 Akademiese Wangedrag: word deur die Departementshoof hanteer .....	25
22 Diskriminerende Wangedrag en Seksuele Wangedrag: word deur die Eenheid vir Gelykwaardigheid hanteer .....	26
23 Die Sentrale Dissiplinêre Komitee .....	26
24 Eksterne Dissiplinêre Paneel.....	28
25 Appèlle na die DAK .....	30
Deel 2: Ondersteunende Funkisionarisse .....	31
26 Direkteur: Regsdienste .....	31
27 Hoof van Studentedissipline .....	31

28	Studente Dissiplinêre Ondersoeker .....	33
29	Getuienisaanbieder.....	34
	HOOFSTUK 4 .....	35
	Dissiplinêre maatreëls en prosedures .....	35
30	Algemene aangeleenthede.....	35
31	Verteenwoordiging en Regsverteenvoordiging.....	36
32	Skorsing uit die Universiteit of 'n Koshuis.....	38
33	Aanmelding en verwysing van beweerde Dissiplinêre Wangedrag.....	39
34	Die aanvanklike ondersoek.....	41
35	Keuse van die toepaslike dissiplinêre roete.....	43
36	Summiere proses voor die voorsitter van die SDK .....	45
37	Verhoor voor die volledige Sentrale Dissiplinêre Komitee .....	45
38	Ondersoek voor die Koshuis Dissiplinêre Komitee .....	48
39	Appèl na die KDK teen 'n besluit deur die Huis Dissiplinêre Komitee .....	49
40	Ondersoek voor die DAK.....	53
	VLOEIKARTE VAN PROSESSE .....	56
	GEWONE GEVALLE .....	56

# AANHEF

Elke student van die Universiteit Stellenbosch is ingevolge art. 36 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997 onderworpe aan sodanige dissiplinêre maatreëls en dissiplinêre prosedures, soos bepaal deur die Universiteit se Statuut of die institusionele reëls.

Klousule 69 van die Universiteit Stellenbosch se Statuut bepaal dat enige student wat reëls, soos deur die Raad voorgeskryf, oortree of in stryd met daardie klousule van die Statuut optree, aanspreeklik word vir sodanige straf en boetes, soos deur die Raad bepaal mag word. Dissiplinêre maatreëls en prosedures moet deur die Raad in 'n dissiplinêre kode vir studente voorgeskryf word.

Voortspruitend uit bogenoemde, na oorlegpleging met die Senaat en die Studenteraad, aanvaar die Raad die volgende as die dissiplinêre kode vir studente van die Universiteit Stellenbosch.

## HOOFSTUK 1

### Algemene aangeleenthede

#### 1 Definisies

1.1 In hierdie dissiplinêre kode, tensy anders uit die samehang blyk, beteken:-

**'Akademiese Aangeleentheid'** Akademiese Wangedrag wat voortspruit uit nalatigheid of wat gering van aard is, en wat deur die betrokke Departement hanteer mag word.

**'Akademiese Wangedrag'** die skending van akademiese integriteit. Dit sluit in, maar is geensins beperk tot die volgende nie:

- a. **Plagiaat**, is die gebruik van ander se idees of materiaal sonder om erkenning te gee, of die hergebruik van 'n mens se eie, voorheen geëvalueerde of geplubiseerde materiaal, sonder erkenning daarvan (selfplagiaat of teksherwinning). In hierdie definisie beteken erkenning om te verwys na die bron of voorheen uitgedrukte idees, of gepubliseerde materiaal, en die besonderhede van die publikasie en selfplagiaat of teksherwinning sal die hergebruik van 'n mens se eie, voorheen geëvalueerde of gepubliseerde materiaal wees, sonder erkenning of aanduiding daarvan.
- b. **Samespanning**, is die samewerking tussen Studente waar akademiese werk bedrieglik as 'n individuele poging vir assessering aangebied word deur een of meer van die betrokke Studente.
- c. **Kullery** in eksamens en assesserings, byvoorbeeld wanneer Studente afskryf, of toelaat dat hulle werk afgeskryf word, hulp gee of versoek van 'n ander Student sonder toestemming, verwys na ongemagtigde nota's, boeke, elektroniese toestelle of ander verwysingsmateriaal, of deelneem in die assesering terwyl voorgegee word om 'n ander Student te wees, of toelaat dat ander Studente hul personeer.
- d. **Verdigsel** of versinsel van navorsing, data, bewyse, bywoning van lesings of voorleggings, of die skep van enige ander wanvoorstelling rakende wetenskaplike akademiese werk.

**‘Beleid’** beteken ’n beleid wat deur die Universiteit Stellenbosch Raad goedgekeur is.

**‘Dag’** beteken ’n kalenderdag, maar sluit naweke en openbare vakansiedae uit.

**‘Diskriminerende Wangedrag’** beteken onbillike diskriminasie, teistering en viktimisering, soos gedefinieer in die Universiteit se Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering.

**‘Dissiplinêre Aangeleentheid’** beteken Dissiplinêre Wangedrag wat van so ’n aard is dat dit deur die KDK of die SDK ingevolge hierdie dissiplinêre kode hanteer kan word, met inagneming van die ernstigheidsgraad van die wangedrag, die belangrikheid van kwessies wat in die saak geopper is, die bewysregtelike- of konseptuele kompleksiteit van die aangeleentheid, die breër belang wat die Universiteit by die uitkoms van die aangeleentheid mag hê, en enige ander relevante oorweging.

In hierdie dissiplinêre kode word Dissiplinêre Aangeleenthede onderskei van Koshuisaangeleenthede, Akademiese Aangeleenthede en Gelyksheidsaangeleenthede wat deur Funkisionarisse anders as die dissiplinêre komitees hanteer word.

**‘Dissiplinêre Appèlkomitee’ (‘DAK’)** beteken een van die dissiplinêre komitees wat deur hierdie dissiplinêre kode tot stand gebring is. Ingevolge hierdie kode hoor dit appèlle teen besluite van die KDK en die SDK aan.

**‘Dissiplinêre Verrigtinge’** begin by wyse van ’n verslag ingevolge klousule 33 en duur totdat die aangeleentheid finaal in terme van hierdie dissiplinêre kode afgehandel is, insluitende enige appèl, indien van toepassing.

**‘Dissiplinêre Wangedrag’** ’n oorkoepelende term wat enige verbreking van Universiteitsbeleide, -reëls of -instruksies soos uitgevaardig op die gesag van die Raad beteken wat Studente gedrag voorskryf, insluitende die reëls vir studenteoptrede wat in hierdie dissiplinêre kode vervat is.

Dissiplinêre Wangedrag sluit in, maar is meer omvattend as, Akademiese Wangedrag, Koshuiswangedrag, Diskriminerende Wangedrag en Seksuele Wangedrag, wat alles Dissiplinêre Wangedrag is, wat in spesifieke omstandighede ontstaan. Dissiplinêre Wangedrag mag ook gedrag op, en deur, sosiale media insluit.

**‘Dokument’** beteken die manifestasie van enige opname, hetsy visueel, klankopname of albei, in enige medium, deur die gebruik van enige tegnologie, insluitende enige boek, pamflet, lys, omsendbrief, plan, plakkaat, publikasie, tekening, foto, prent of data. Dit sluit ook enige opname op ’n skyf, hardeskyf of ander toestel in waarop inligting of data geberg word.

**‘Eenheid vir Gelykwaardigheid’** beteken die eenheid wat ingevolge die Universiteit se Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering tot stand kom en daardeur gereguleer word.

**‘Funkisionaris’** beteken ’n persoon wat in terme van hierdie dissiplinêre kode of ander universiteitsmagtiging ’n mag uitoefen of ’n funksie verrig.

**‘Gelykheidsaangeleentheid’** beteken enige aangeleentheid wat binne die jurisdiksie van die Eenheid vir Gelykwaardigheid val ingevolge die Beleid wat daardie Eenheid reguleer en welke aangeleentheid die Eenheid besluit om nie na die Sentrale Dissiplinêre Komitee as ’n Dissiplinêre Aangeleentheid te verwys nie.

**‘Gevaarlike Wapen’** beteken enige voorwerp, anders as ’n vuurwapen, wat indien dit vir ’n onwettige doel gebruik word, dood of ernstige liggaamlike besering kan veroorsaak.

**‘Huisreëls’** beteken interne reëls en bepalings wat op individuele Koshuise van toepassing is, en wat in die interne reëls van elke Koshuis ingesluit is, hoewel dit ondergeskik bly aan die Koshuisreëls. (Individuele Koshuise moet hul interne reëls in stand hou en dit op versoek aan die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) beskikbaar stel.

**‘Huis Dissiplinêre Komitee’** beteken een van die dissiplinêre komitees wat gevestig word binne ’n Koshuis deur hierdie dissiplinêre kode. In terme van hierdie kode hoor hierdie komitee Koshuisaangeleenthede aan.

**‘Inwonende Hoof’** beteken die hoof van ’n spesifieke Koshuis of PSO-wyk met gesag oor Studente wat aan daardie Koshuis of PSO-wyk toegewys is, en is sinoniem met ‘Bestuurder’, ‘Besoekende Hoof’ en ‘PSO-Koördineerder’.

**‘Klaer’** beteken ’n persoon wat beweer dat ’n ander Student wangedrag gepleeg het wat teen die klaer gemik was.

**‘Kluster’** beteken ’n aantal Koshuise en PSO-wyke wat saamgegroepeer is.

**‘Koshuis’** beteken die fisiese koshuisgebou wat deur die Universiteit voorsien word om Studente te huisves, en mag ook beteken die inwonersvereniging van Studente, wat in daardie Koshuis woon, wat onder gesag van ’n Inwonende Hoof staan, of wat hulle vrywillig aan die reëls onderwerp wat vir daardie Koshuis geld, maar sluit nie Studenteverblyf in, wat deur ’n derde party aan ’n Student verhuur of uitgehuur word nie, of enige ander studenteverblyf wat nie deur die Universiteit voorsien word nie, selfs al word dit deur die Universiteit gefasiliteer.

**‘Koshuisaangeleentheid’** beteken Koshuiswangedrag wat voortspruit uit nalatigheid of wat van ’n geringe aard is.

**‘Koshuis Dissiplinêre Komitee’** (‘KDK’) beteken een van die dissiplinêre komitees wat deur hierdie dissiplinêre kode tot stand gekom het. In terme van hierdie kode het dit jurisdiksie oor Dissiplinêre Aangeleenthede wat nie enige bedreiging vir die fisiese of geestelike welstand van Studente of ernstige skade aan universiteitseiendom inhou nie.

**‘Koshuisreëls’** is die oorkoepelende reëls wat deur die Viserektor: Leer en Onderrig ten opsigte van Koshuise goedgekeur is en wat op alle koshuisinwoners van toepassing is. Die Koshuisreëls geld vir Studente van PSO-wyke, waar van toepassing.

**‘Koshuiswangedrag’** beteken wangedrag wat binne die fisiese grense van die Student se Koshuis plaasgevind het wat ’n verbreking van die Huisreëls behels of wat selektief teen ’n medestudent van dieselfde Koshuis gemik is.

**‘Onaanvaarbare Verwelkomingspraktyk’** is enige ingesteldheid, aksie, reël of praktyk wat tipies is van ’n hiërargiese gesagstelsel en wat nie ’n waardegedrewe stelsel bevorder nie, soos meer volledig omskryf in die Koshuisreëls.

**‘Ontgroening’** beteken enige Onaanvaarbare Verwelkomingspraktyk, soos hierbo gedefinieer.

**‘Perseel’** sluit enige grond, gebou, struktuur of deel daarvan in, wat deur die Universiteit besit word, of onder die Universiteit se beheer staan, of waarvoor die Universiteit verantwoordelik is, en sluit atletiekbane en ontspanningsterreine en fasiliteite in.

- ‘Privaat Studenteorganisasiewyk’ (‘PSO-wyk’)** beteken ’n studente inwonersvereniging of Studente wat in privaat verblyf woon wat onder die gesag van ’n Inwonende Hoof staan.
- ‘Regspraktisyn’** beteken ’n persoon wat in die verlede of tans toegelaat is om as prokureur in enige afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika te praktiseer, of ’n toegelate advokaat wat tans praktiseer in enige afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika praktiseer.
- ‘Regsverteenwoordiging’** beteken verteenwoordiging deur ’n Regspraktisyn.
- ‘Rektor’** beteken die rektor van die Universiteit Stellenbosch
- ‘Seksuele Teistering’** dra die betekenis wat deur die Universiteit se Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering daaraan gegee is, en is een van die verskyningsvorme van Seksuele Wangedrag.
- ‘Seksuele Wangedrag’** beteken gedrag teenoor, of kommunikasie met, ’n ander Student op ’n wyse wat seksueel onvanpas, teisterend, dwingend of gewelddadig is.
- ‘Sentrale Dissiplinêre Komitee’ (‘SDK’)** beteken een van die dissiplinêre komitees wat deur hierdie dissiplinêre kode tot stand gekom het. Dit het jurisdiksie om alle Dissiplinêre Aangeleenthede te hanteer.
- ‘Skorsing’** of **‘Skors’** beteken die tydelike uitsluiting van ’n Student uit die Universiteit, insluitend die verlies van alle studentevoorregte wat insluit, maar nie beperk is nie tot, toegang tot Kampus en universiteitsfasiliteite, of die tydelike verwydering van ’n Student uit ’n Koshuis en die verlies van alle inwonervoorregte wat insluit, maar nie beperk is nie tot, toegang tot die Koshuis, hangende die finale beslissing van Dissiplinêre Verrigtinge teen daardie Student. Terwyl die Student geskors is, bly die Student nietemin onderhewig aan al die universiteitsreëls, insluitende die bepalings van hierdie dissiplinêre kode.
- Niks in hierdie dissiplinêre kode moet vertolk word om die toekenning en hertoekenning van koshuisverblyf vir Studente en die bestuur van Koshuise deur die Universiteit in die gewone verloop te beperk nie.
- ‘Skryflike Kennisgewing’** beteken ’n kennisgewing in geskrewe vorm en sluit enige uitbeelding van woorde, letters, simbole, getalle of figure in, hetsy gedruk of afgebeeld op ’n tasbare medium, of in ’n elektroniese formaat of ander medium geberg wat in ’n waarneembare formaat herwin kan word, en ongeag of ’n elektroniese handtekening aangeheg is.
- ‘Student’** beteken ’n persoon wat by die Universiteit geregistreer is met die doel om akademiese navorsing te doen, of te studeer totdat die persoon gradueer in die akademiese program waarvoor die persoon geregistreer is, tensy daardie persoon hertoelating deur die loop van die akademiese program geweier word, uitgesit word, die Student se registrasie deur die loop van die akademiese program gekanselleer word of nie die registrasie aan die begin van ’n akademiese jaar hernu nie. Vir die doel van hierdie dissiplinêre kode is ’n postdoktorale genoot ’n Student.
- ‘Studentegemeenskap’** verwys na ’n Koshuis, ’n PSO-wyk, ’n kluster, ’n vereniging, ’n klub of soortgelyke struktuur waarvan ’n groep Studente lede is, met ’n gemeenskaplike doel, wat as sodanig deur die Universiteit erken word.
- ‘Studenteraad’ (‘SR’)** beteken die liggaam van studenteverteenwoordigers wat ingevolge

die Statuut van die Universiteit verkies en aangestel is.

**'Studente-unie'** is die versamelterm vir al die geregistreerde Studente van die Universiteit Stellenbosch.

**'Studentevereniging'** verwys na verenigings wat in ooreenstemming met die toepaslike reëls en prosedures by die Studenteraad geregistreer is.

**'Toestemming'** beteken skriftelike of mondelinge goedkeuring deur 'n persoon met matiging om namens die Universiteit, in enige spesifieke konteks, instruksies aan Studente te gee en dit sluit oënskynlike toestemming in.

**'Uitsetting'** betekendie onmiddellike beëindiging van 'n Student se registrasie by die Universiteit of onttrekking van die reg om in 'n Koshuis in te woon, wat die geval ook mag wees, tesame met die onmiddellike verlies van alle voorregte wat uit sodanige registrasie of verblyfreg voortspuit. 'n Student wat uit die Universiteit uitgesit word, is op grond van sodanige uitsetting outomaties ook uitgesit van enige Koshuis waar die Student mag inwoon.

**'Universiteit'** beteken die Universiteit Stellenbosch.

**'Universiteitsgemeenskap'** beteken enige personeellid, Student, werknemer of verteenwoordiger van die Universiteit, individueel of gesamentlik, soos deur die konteks aangedui.

**'Universiteitskampus'** of **'Kampus'** alle Persele wat deur die Universiteit beset of beheer word of waarvoor die Universiteit verantwoordelik is, insluitende Koshuise.

**'Universiteitsperseel'** beteken enige gebou, tydelike struktuur, fasiliteit, oop terrein of ander eiendom wat aan die Universiteit behoort of waarvoor die Universiteit volgens wet verantwoordelik is.

**'Verteenwoordiging'** sal in hierdie Kode beteken dat 'n ander Student of personeellid namens 'n Student in 'n ondersoek of verhoor in terme van hierdie dissiplinêre kode praat, en verteenwoordiger het 'n ooreenstemmende betekenis, behalwe in die geval van 'Regsverteenwoordiging' of 'regsverteenwoordiger' waar dit spesifiek verwys na 'n geval waar 'n Student deur 'n Regspraktisyn verteenwoordig word. Niks hierin sal vertolk word om te beteken dat 'n Student nie geregtig is om regsadvies buite die Dissiplinêre Verrigtinge te bekom nie.

- 1.2 Hierdie dissiplinêre kode is in geslags-neutrale terme geskryf. Indien daar egter enige woord is wat 'n geslag aandui, moet dit gelees word om verwysing na die ander geslagde in te sluit.
- 1.3 Enige woord wat na enige Funkisionaris of amptenaar van die Universiteit verwys, sal ook na enige opvolgende of plaasvervangende Funkisionaris of amptenaar verwys.
- 1.4 Die Engelse weergawe van die kode is die oorspronklik geldende weergawe en die Afrikaanse weergawe is die vertaling.



## **2 Die doel van hierdie dissiplinêre kode**

- 2.1 Die doel van hierdie dissiplinêre kode is om 'n raamwerk vir goeie besluitneming te verskaf waarbinne die Universiteit dissipline oor Studente uitoefen. Op hierdie wyse het dit ten doel om 'n omgewing te skep en te handhaaf, wat die Universiteit se waardes onderskraag.
- 2.2 Met daardie doel verskaf hierdie dissiplinêre kode duidelike reëls vir aanvaarbare studentegedrag, en stel dissiplinêre maatreëls en prosedures daar wat verseker dat dissiplinêre aksie deur die Universiteit doeltreffend geneem word en op 'n wyse wat redelik, wettig en prosedureel billik is.
- 2.3 Die dissiplinêre kode erken dat die herstel en genesing van die Universiteitsgemeenskap as 'n geheel, en die verhoudings tussen individuele lede, die kern van die kode se doel vorm. Daarom sal sanksies kragtens hierdie kode opgelê word met inagneming van die pogings wat aangewend word om verhoudings te herstel, en sal, benewens die gevestigde oogmerke van straf en afskrikking, dien om oortreders te rehabiliteer en op te voed. Waar persone skuldig bevind word aan wangedrag en waar toepaslik, sal sanksies bydra tot die herstel en genesing van die Universiteitsgemeenskap as 'n geheel, die verhoudings tussen die Studentegemeenskappe en individuele lede van die Studentegemeenskap.

## **3 Die Universiteit Stellenbosch se Waardes**

- 3.1 Die Universiteit Stellenbosch (US) funksioneer volgens 'n stel grondliggende waardes wat elke Student veronderstel is om te ag en te bevorder, en wat die toepassing van hierdie dissiplinêre kode rig. Hierdie waardes is: uitnemendheid, verantwoordbaarheid, wedersydse agting, en deernis. Daarbenewens geld alle waardes wat die US onderskryf op die tydstip wanneer hierdie dissiplinêre kode toegepas word, sowel as enige variasie daarop.

## **4 Die beginsels wat die toepassing van hierdie dissiplinêre kode toelig**

- 4.1 Dissiplinêre magte wat ingevolge Hoofstuk 3, Deel 1 van hierdie dissiplinêre kode uitgeoefen word, is administratiewe optrede en is nie regsprekend van aard nie.
- 4.2 Sodanige magte is onderworpe aan die reg tot administratiewe geregtigheid en enige wetgewing wat uitvoering aan daardie reg gee.
- 4.3 'n Regspraktisyn mag die Student slegs in Dissiplinêre Verrigtinge verteenwoordig waar daar behoorlik om Regsverteenwoordiging aansoek gedoen word en dit toegestaan is. Waar Regsverteenwoordiging toegelaat word, sal toegang tot, of die beskikbaarheid van, 'n spesifieke Regspraktisyn nie as 'n aanvaarbare rede vir die uitstel van Dissiplinêre Verrigtinge kan dien nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede.

## **5 Toepassing van die dissiplinêre kode**

Ongeag waar die gedrag waaroor gekla word plaasgevind het, is hierdie dissiplinêre kode op alle Studente van die Universiteit van toepassing, asook op enige persoon wat uitdruklik of by implikasie ingestem het om deur hierdie dissiplinêre kode gebind te word asof daardie persoon 'n Student is, insluitend uit hoofde van die volgende, waar:

- 5.1 aansoek gedoen word om aan die Universiteit te studeer, hetsy vir die eerste keer of as terugkerende Student;

- 5.2 plek in universiteitsverblyf op geneem word;
- 5.3 deelgeneem word aan universiteitsaktiwiteite met betrekking tot die verwelkoming en integrering van nuweling Studente voor registrasie;
- 5.4 deelgeneem word aan enige akademiese aktiwiteit voor registrasie;
- 5.5 ingestem word om die Universiteit op, of weg van die Kampus, in akademiese, sport-, kulturele of ander amptelike aktiwiteite te verteenwoordig;
- 5.6 deelgeneem word aan 'n akademiese oorbruggingsprogram soos die SciMathUS-program;
- 5.7 inskrywing om deur 'n vennootskapsooreenkoms, wat tussen die Universiteit en enige vennootinstansie (insluitende, maar nie beperk nie tot, die Militêre Akademie in Saldanha en die Kaapse Instituut vir Landbou-opleiding: Elsenburg) gesluit is, te studeer, en waarvoor daar in meer besonderhede in die toepaslike ooreenkoms voorsiening gemaak word en onderhewig aan daardie ooreenkoms.
- 5.8 enige optrede waardeur die persoon voorgee om 'n geregistreerde Student van die Universiteit te wees.

## **6 Dreigende gevare**

- 6.1 Niks wat in hierdie dissiplinêre kode vervat is, sal vertolk word dat die Universiteit, die Universiteit se werknemers of persone wat deur die Universiteit gekontrakteur is, verhoed word om enige stappe te neem wat redelik vereis word om dreigende gevare vir Studente se welstand te hanteer, die dreigende vernietiging van universiteitseiendom te verhoed, en om orde en normale funksionering op die Kampus te herstel nie.
- 6.2 Die gebruik van dwang in sodanige gevalle sal so ver moontlik beperk word, en mag slegs aangewend word vir die bogenoemde onmiddellike doel wanneer daar dreigende gevaar is.
- 6.3 'n Personeellid wat by sodanige aksie betrokke is, hetsy in die magtiging of uitvoering daarvan, sal redelike stappe neem om die eskalering van die konflik te beperk, wat insluit om so gou prakties moontlik, met die Hoof: Eenheid vir Gelykwaardigheid in verbinding te tree om die bystand van 'n bemiddelaar te versoek, tensy dit duidelik onvanpas sou wees.
- 6.4 Sodra die dreigende gevaar die hoof gebied is, word enige Student wat na bewering wangedrag gepleeg het, toegelaat om die ondersteuning van 'n familielid, medestudent, enige lid van die Universiteitsgemeenskap of die studenteondersteuningshulplyn te versoek en te ontvang.
- 6.5 Die aangeleentheid sal so gou prakties moontlik op een van die wyses wat hieronder in Hoofstuk 4 aangedui word, aangemeld word en daarna ingevolge hierdie dissiplinêre kode hanteer word.

## 7 Opsomming

- 7.1 Hierdie dissiplinêre kode is soos volg gestruktureer: Hoofstuk 1 handel met algemene aangeleenthede. Hoofstuk 2 sit die reëls vir algemene optrede uiteen, insluitende algemeen toepaslike reëls en reëls wat op spesifieke gevalle van toepassing is. Hoofstuk 3 verleen dissiplinêre magte aan verskeie dissiplinêre Funkisionarisse en magtig ondersteunende Funkisionarisse. Hoofstuk 4 sit dissiplinêre maatreëls en prosedures uiteen.
- 7.2 Opsommend is die prosedure wat in hierdie dissiplinêre kode in die vooruitsig gestel word om wangedrag in die gewone loop van sake te hanteer soos hierop volg.
- 7.3 'n Aangeleentheid word deur verskeie kanale aangemeld, afhangende van die aard van die vermoedelike Dissiplinêre Wangedrag: die betrokke Inwonende Hoof vir Koshuiswangedrag, die betrokke departementshoof vir Akademiese Wangedrag, die Eenheid vir Gelykwaardigheid vir Diskriminerende en Seksuele Wangedrag, en die voorsitter van die SDK vir alle ander Dissiplinêre Wangedrag.
- 7.4 In elke geval moet die relevante persoon besluit hoe om die aangeleentheid te hanteer, met inagneming van die erns van die wangedrag, die belangrikheid van kwessies wat geopper word, die bewysregtelike en konsepsuele kompleksiteit van die saak, die breër belang wat die Universiteit by die uitkoms van die aangeleentheid mag hê en enige ander relevante oorweging.
- 7.5 Sommige aangeleenthede mag op die vlak hanteer word waarop dit ontstaan het (op departementele vlak, deur die Huis Dissiplinêre Komitee of deur die Eenheid vir Gelykwaardigheid), terwyl ander aangeleenthede na die dissiplinêre komitees verwys word wat deur hierdie dissiplinêre kode in die lewe geroep word. Aangeleenthede wat na die dissiplinêre komitees verwys word, word Dissiplinêre Aangeleenthede genoem.
- 7.6 Waar beweerde wangedrag in 'n akademiese of koshuiskonteks ontstaan, maar ook 'n oortreding van die algemene reëls vir Studentegedrag is (byvoorbeeld, waar 'n beweerde geval van diskriminerende gedrag plaasgevind het in 'n Koshuis teenoor 'n medestudent van dieselfde Koshuis), sal die Universiteit altyd 'n belang by die uitkoms van die aangeleentheid hê, wat verder as die konteks waarin dit ontstaan het strek. Dit sal 'n Dissiplinêre Aangeleentheid daarstel. Die SDK-voorsitter mag 'n besluit deur die betrokke Funkisionaris om 'n aangeleentheid as 'n Koshuis- of Akademiese Aangeleentheid, eerder as 'n Dissiplinêre Aangeleentheid te hanteer, hersien.
- 7.7 'n Aanvanklike ondersoek word gedoen om bewyse te versamel wat betrekking het op die beweerde Dissiplinêre Wangedrag. Die aanvanklike

ondersoek vorm die grondslag van die Universiteit se saak wat op verskeie stadia regdeur die dissiplinêre proses aangevul kan word.

- 7.8 Die Student wat van die Dissiplinêre Wangedrag verdink word, ontvang 'n opsomming van die Universiteit se saak ten opsigte van die wangedrag voordat enige negatiewe bevinding gemaak word of enige besluit geneem word. Dit stel die Student in staat om voor te berei en betekenisvol op alle aantygings te reageer.
- 7.9 'n SDK-voorsitter besluit op grond van die aanvanklike ondersoek die gepaste wyse waarop die Dissiplinêre Aangeleenthede hanteer word, soos in klousule 35 uiteengesit. Die voorsitter mag besluit om die aangeleentheid kragtens klousule 22 af te wentel na die Eenheid vir Gelykwaardigheid vir 'n alternatiewe dispuutoplossing, om die summiere prosedure te volg indien die Student die wangedrag erken (klousule 36), om die aangeleentheid vir ondersoek na die KDK te verwys (klousule 38) of om dit vir ondersoek na die volle SDK te verwys (klousule 37).
- 7.10 Die KDK hanteer slegs Dissiplinêre Aangeleenthede wat uit Koshuiswangedrag voortspruit, maar wat nie 'n ernstige gevaar vir Studente se liggaamlike of geestelike welstand inhou nie, of ernstige skade aan universiteitseiendom behels nie. Alle ander aangeleenthede word deur die SDK aangehoor.
- 7.11 Waar 'n aangeleentheid vir ondersoek na die KDK of die SDK verwys word, beteken dit nie dat die ondersoek noodwendig die vorm van 'n strafregtelike verhoor moet aanneem nie. Bewysmateriaal kan aangebied word deur mondelinge getuienis of verklarings (beëdig of nie). Kruisondervraging kan van pas wees of nie. Die Universiteit se saak word voor die dissiplinêre komitees gestel deur 'n getuienisleier (soos voor voorsiening gemaak word in klousule 29). 'n Student wat van Dissiplinêre Wangedrag verdink word, en enige ander Student wat deur die beweerde wangedrag geraak is, sal altyd toegelaat word om by die verrigtinge hul saak te stel.
- 7.12 'n Student mag kies om in Dissiplinêre Verrigtinge deur 'n ander Student of personeellid van die Universiteit verteenwoordig te word. Regsverteenvoordiging word nie gewoonlik toegelaat nie, hoewel daarvoor aansoek gedoen kan word. Waar 'n aansoek vir Regsverteenvoordiging van die hand gewys word, verhoed dit nie die Student om regsadvies in te win nie, maar die Regspraktisyn mag nie by die ondersoek teenwoordig wees nie.
- 7.13 Enige persoon wat deur 'n besluit van die KDK of die SDK geraak word, mag 'n appèl tot die DAK rig (soos voor voorsiening gemaak word in klousule 40). Die DAK beskik oor wye magte en kan enige bykomende bewyse oorweeg alvorens dit 'n besluit neem.
- 7.14 Die dissiplinêre komitees beskik oor 'n wye diskresie om 'n gepaste sanksie op te lê. 'n Opgeskorte sanksie kan opgelê word. Dit beteken dat die sanksie nie van krag sal word indien die Student aan die voorwaardes opgelê

voldoen nie. Voorbeelde van sulke voorwaardes sluit gemeenskapsdiens of diversiteitsopleiding, wat byvoorbeeld deur die Eenheid vir Gelykwaardigheid aangebied word, in.

- 7.15 In sommige gevalle kan die dissiplinêre komitees aanbeveel dat Studentegemeenskappe wat nie skuldig bevind is aan wangedrag nie, tog aan prosesse moet deelneem wat die herstel van vertroue binne die Universiteitsgemeenskap sal dien.
- 7.16 In uitsonderlike gevalle waar die Universiteit, om watter rede ook al, nie die kapasiteit het om 'n dissiplinêre aangeleentheid te hanteer nie, kan 'n Eksterne Dissiplinêre Paneel aangestel word om dissiplinêrebevoegdhede namens die Universiteit uit te oefen. Hierdie proses word in klousule 24 uiteengesit. Paneellede moet persone van hoë aansien wees wat geskik is om die betrokke saak te hanteer.
- 7.17 Regdeur die proses kan die Student wat na bewering wangedrag gepleeg het en enige ander Student wat geraak is, insluitende die Klaer, indien daar een is, versoek om ondersteun te word deur 'n vriend of familielid of mag ondersteuning versoek van studenteondersteuningsdiens.
- 7.18 Terwyl Dissiplinêre Verrigtinge hangend is, mag 'n Student in sekere omstandighede uit die Universiteit of uit 'n Koshuis geskors word. Die Rektor of die Inwonende Hoof mag 'n Student tydelik Skors sonder verhoor, maar die Skorsing moet ingevolge klousule 32.6 deur die KDK of die SDK bevestig word.
- 7.19 Vloeikaarte, wat visueel 'n opsomming van die dissiplinêre proses uitbeeld, word as bylae tot hierdie dissiplinêre kode aangeheg. Die oogmerk van die vloeikaarte en hierdie opsomming, is vir maklike verwysing en begrip en sal nie aanleiding gee tot onafhanklike regte en verpligtinge nie.

## HOOFSTUK 2

### **Reëls vir Studentegedrag**

#### **8 Inleiding**

- 8.1 Hierin skryf die Raad gedrag voor wat van Studente verwag kan word, in 'n sekere konteks. Hierdie voorskrifte mag, maar hoef nie, in meer besonderhede in ander universiteitsbeleide, -reëls of -instruksies, uitgevaardig onder die Raad se gesag, uiteengesit te word nie. In daardie gevalle moet die betrokke Beleid, reël of instruksie vertolk word asof dit uitvoering aan hierdie dissiplinêre kode gee.
- 8.2 Waar die bepalinge van hierdie dissiplinêre kode onversoenbaar is met ooreenstemmende bepalinge van enige ander Universiteitsbeleid, -reël of -instruksie, uitgevaardig onder die Raad se gesag, is die bepalinge van hierdie dissiplinêre kode van toepassing. Die voorbehoudsbepaling is dat die Funkisionaris wat optree in terme van hierdie dissiplinêre kode, die substantiewe bepalinge van 'n botsende Raadsgoedgekeurde beleid tot die grootste mate moontlik moet versoen en uitvoering daaraan gee.
- 8.3 Tensy anders vermeld, is 'n verbreking van die reëls in hierdie hoofstuk of in enige ander Universiteitsbeleid, -reël of -instruksie onder die Raad se gesag uitgevaardig, Dissiplinêre Wangedrag wat ingevolge hierdie kode hanteer word. Waar die tersaaklike Beleid, reël of instruksie Studentegedrag voorskryf, maar nie uitdruklik 'n oortreding skep of prosedure uiteensit om 'n oortreding te hanteer nie, kan die betrokke gedrag nietemin Dissiplinêre Wangedrag wees.

#### **9 Algemene reëls**

- 9.1 Geen Student mag sonder goeie en regmatige rede opsetlik enigiets doen wat die Universiteit, enige lid van die Universiteitsgemeenskap of enige persoon wat op uitnodiging van die Universiteit op die Universiteitskampus teenwoordig is, nadelig kan beïnvloed nie.
- 9.2 Enige kriminele optrede gepleeg deur 'n persoon wat 'n Student is of was, teen of tot nadeel van 'n ander lid van die Universiteitsgemeenskap, sal Dissiplinêre Wangedrag wees.
- 9.2.1 Indien skuldig bevind, aan sodanige misdryf deur 'n Suid-Afrikaanse hof, benewens enige straf wat deur sodanige hof opgelê mag word, word die Student aanspreeklik ingevolge hierdie kode bloot uit hoofde van 'n finale uitspraak van die hof van laaste instansie. Enige bevinding gemaak in sodanige vonnis teen die betrokke Student, sal as bewys van die feite dien waarop sodanige bevinding gebaseer is geag word, en dit sal deel vorm van die voorlopige rekord ingevolge klousule 34.5.
- 9.2.2 Selfs indien daar 'n klag by die Suid-Afrikaanse Polisie teen die Student ingedien is, en/of daar hangende hofverrigtinge is waarin die Student 'n beskuldigde is, mag die Universiteit, maar is geensins daartoe verplig nie, ingevolge hierdie dissiplinêre kode met Dissiplinêre Verrigtinge teen 'n Student voortgaan, en dit afhandel, indien die beweerde wangedrag ook 'n duidelike en onafhanklike Dissiplinêre Wangedrag daarstel.

- 9.3 'n Student mag nie op 'n manier optree wat rassisties, onbillik diskriminerend, gewelddadig, grof beledigend, vernederend of intimiderend teenoor enige ander persoon is nie. Hierdie verbod strek, maar is nie beperk nie, tot gedrag wat liggaamlike of geestelike skade veroorsaak, bedoel is om te verneder of wat enige ander persoon se waardigheid aantas.
- 9.4 'n Student mag nie op enige wyse inmeng met, of so optree as wat redelik aanvaar kan word dat dit met die behoorlike funksionering van die Universiteit as 'n instelling van leer en navorsing inmeng nie. Die verbod sluit inmenging met 'n lid van die Universiteitsgemeenskap se werk, studies, asook administratiewe toesighoudende, en enige ander -funksies wat met die Universiteit verband hou, in.
- 9.5 'n Student mag nie op enige manier optree wat enige ander persoon of groep mense in gevaar stel of tot hul bedreiging bydra nie.
- 9.6 'n Student mag nie op 'n manier optree wat die handhawing van orde en dissipline aan die Universiteit ontwrig of moontlik kan ontwrig nie.
- 9.7 'n Student moet aan die voorwaardes vir die gebruik van die Universiteit se hulpbronne voldoen, insluitende 'n biblioteek, sportfasiliteite, laboratoria en enige ander hulpbron of fasiliteit. Opsetlike nie-nakoming van voorwaardes is wangedrag ingevolge hierdie kode.
- 9.8 'n Student moet aan enige redelike skriftelike of mondelinge opdrag of versoek deur enige lid van die Universiteit se akademiese personeel, of enige ander werknemer of Funkisionaris van die Universiteit, met gesag oor die Student uit hoofde van hul posisie binne die Universiteit, of spesifieke posisie in die betrokke konteks, voldoen. Opsetlike verontagsaming van sodanige instruksie of versoek is wangedrag ingevolge hierdie kode.
- 9.9 Indien 'n Student wangedrag sien wat waarskynlik liggaamlike of emosionele skade vir 'n ander lid van die Universiteitsgemeenskap, of aansienlike skade aan die Universiteit se tasbare of ontasbare eiendom kan veroorsaak, of goeie rede het om te glo dat sodanige wangedrag beplan word, besig is om plaas te vind, of wat reeds plaasgevind het, moet daardie Student sodanige feite, soos dit aan die Student bekend is, so gou prakties moontlik by enige personeellid aanmeld. Die Student mag anoniemiteit versoek en mag vertroulike mededelings per e-pos maak.
- 9.10 'n Student mag nie 'n dissiplinêre ondersoek wat ingevolge hierdie kode onderneem word, belemmer of probeer verhoed, of enige gemagtigde of afgevaardigde amptenaar of Funkisionaris wat bevoegd hede in terme hiervan uitoefen, mislei nie. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot voorvalle van bedrieglike verklarings aan amptenare en Funkisionarisse wat hul pligte ingevolge hierdie kode uitvoer.

## **10 Akademiese Wangedrag**

- 10.1 Akademiese aktiwiteit aan die Universiteit berus op die waardes van akademiese nougesetheid, eerlikheid en vertrouwe wat gesamentlik die hoeksteen van akademiese integriteit vorm. Akademiese Wangedrag ondermyn die waarde van akademiese integriteit en word verbied.
- 10.2 Studente moet verantwoordelikheid vir die integriteit van hul eie werk aanvaar en die integriteit van die akademiese assesseringsproses respekteer:

- 10.2.1 Dit sluit 'n verpligting in om 'n akademiese personeellid vir duidelikheid te vra indien die Student onseker is oor wat akademiese integriteit in die omstandighede vereis.
- 10.2.2 Hierbenewens moet elke Student nougeset gehoor gee aan 'n instruksie ontvang in die verloop van 'n akademiese assessering deur 'n persoon met gesag oor die Student uit hoofde van hul posisie in die Universteit, of die spesifieke hoedanigheid in die relevante konteks, hetsy die instruksies of die assessering in mondelinge of skriftelike formaat gedoen word.
- 10.3 Akademiese Wangedrag wat gering van aard is, mag deur die betrokke akademiese departement as 'n Akademiese Aangeleentheid hanteer word, tensy die departementshoof die saak na die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) verwys om dit as Dissiplinêre Aangeleentheid te hanteer.

Die erns van die wangedrag word aan die hand van die onderstaande faktore bepaal:

- 10.3.1 Verwythbaarheid (opset of nalatigheid) van die persoon wat Akademiese Wangedrag (bv. plagiaat) pleeg: Het die persoon Akademiese Wangedrag bewustelik (met opset) gepleeg of in omstandighede wat daarop dui dat die persoon redelikerwys van die Akademiese Wangedrag geweet het (nalatigheid)? Verwythbaarheid (opset of nalatigheid) word vereis om 'n bevinding van Akademiese Wangedrag te kan maak. Om opset of nalatigheid te bepaal, moet alle omstandighede in ag geneem word, insluitende, maar nie beperk nie, tot die volgende faktore wat ook relevant is om die erns van die Akademiese Wangedrag te bepaal waarna hieronder verwys word: die omvang van die Akademiese Wangedrag, die belangrikheid van die betrokke akademiese aktiwiteit, die senioriteit van die persoon wat die Akademiese Wangedrag gepleeg het en herhaaldelike pleging van Akademiese Wangedrag.
- 10.3.2 Die omvang van die plagiaat: Hoeveel van die werk wat as deel van 'n akademiese aktiwiteit aangebied word, bestaan uit plagiaat in verhouding tot die deel van die werk wat uit 'n eie intellektuele bydrae uitmaak? Is die plagiaat wat in die werk ingesluit is, só omvangryk dat dit nie moontlik is om eie intellektuele bydrae te bepaal of te assesser nie?
- 10.3.3 Die belangrikheid van die akademiese aktiwiteit: Het die beweerde Akademiese Wangedrag betrekking gehad op 'n klein werkopdrag, 'n finale proefskrif of 'n artikel wat vir publikasie voorgelê is?
- 10.3.4 Skadelikheid van die Akademiese Wangedrag: Die omvang van die skade wat die Akademiese Wangedrag veroorsaak het of moontlik kan veroorsaak vir persoonlike en institusionele reputasie met inagneming van al die omstandighede, insluitende die senioriteit van die persoon wat die Akademiese Wangedrag gepleeg het, die betrokke akademiese aktiwiteit en die omvang van die Akademiese Wangedrag.
- 10.3.5 Herhaaldelike pleging van Akademiese Wangedrag.



- 10.4 Herhaalde of ernstige Akademiese Wangedrag stel 'n Dissiplinêre Aangeleentheid daar en moet mee gehandel word ingevolge die prosedures soos in hierdie dissiplinêre kode uiteengesit.

## **11 Oneerlikheid en wanvoorstelling**

- 11.1 'n Student mag nie onwaarhede publiseer wat redelikerwys verwag kan word om die Universiteit of enige Universiteitspersoneellede of -werknemers in oneer te bring nie, of die Universiteit se goeie naam of reputasie kan beskadig nie, tensy die feite waarop die publikasie gebaseer is, opreg gehuldig word en redelikerwys geglo is om waar te wees.
- 11.2 'n Student mag nie, hetsy uitdruklik of deur stilswe:-
- 11.2.1 Enige lid van die Universiteit se akademiese personeel of enige ander werknemer van die Universiteit met gesag oor die Student mislei nie; of
  - 11.2.2 Enige wanvoorstelling of 'n vals verklaring maak ten opsigte van die Student se akademiese prestasie, hetsy aan die Universiteit of enige ander akademiese instelling nie; of
  - 11.2.3 Enige inligting of Dokument wat die Student weet of redelikerwys behoort te weet, onwaar of 'n vervalsing is, aan te bied of daarop staatmaak nie.
- 11.3 Wanneer 'n Student met die Universiteit omgaan, sal die Student nie iemand anders toelaat om hulle voor te doen as die Student of iemand anders toelaat om enige identifikasie te gebruik wat deur die Universiteit aan die Student uitgereik is, of waarop die Universiteit staatmaak om die Student te identifiseer nie, soos 'n studentenommer, ID-nommer, studentekaart, toegangskarta, elektroniese wagwoord of enige ander wyse van identifisering.
- 11.4 'n Student mag nie bedrieglik voorhou om die Universiteit of enige van die Universiteit se erkende studenteliggame te verteenwoordig nie.

## **12 Seksuele Wangedrag**

- 12.1 Geen Student mag op enige deel van die Kampus teenoor enige persoon op 'n manier optree of kommunikeer wat seksueel onvanpas, teisterend, dwingend of gewelddadig is nie.
- 12.2 Geen Student mag teenoor 'n ander Student of Universiteitswerknemer of Funkisionaris op 'n manier optree of kommunikeer wat seksueel onvanpas, teisterend, dwingend of gewelddadig is nie, ongeag waar die verbode gedrag plaasvind.
- 12.3 Hierbenewens is Seksuele Teistering, soos dit in die Universiteit se Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering uiteengesit word, Seksuele Wangedrag.

### **13 Perseel en eiendom**

- 13.1 'n Student mag nie enige Universiteitsperseel gebruik, beset of betree sonder Toestemming om dit te doen nie.
- 13.2 'n Student mag nie enige fisiese eiendom, insluitende noodtoerusting, wat aan die Universiteit, of enige lid van die Universiteitsgemeenskap behoort, of waarvoor die Universiteit aanspreeklik is, sonder Toestemming om dit te doen en anders as vir die normale beoogde gebruik van daardie eiendom, verwyder, gebruik, beskadig of vernietig nie. Indien 'n Student in besit van eiendom gevind word wat bekend is dat dit gesteel is, sal daar aanvaar word dat die Student wangedrag gepleeg het onder hierdie reël tensy die Student kan aandui dat die eiendom onskuldig bekom is.
- 13.3 'n Student mag nie fondse wederregtelik toe-eien waartoe die Student toegang verkry het uit hoofde van 'n posisie aan die Universiteit of enige organisasie of vereniging wat by die Universiteit geaffilieer is nie.
- 13.4 'n Student mag nie sonder Toestemming 'n vuurwapen na die Kampus toe bring of in besit wees van 'n vuurwapen op enige deel van die Kampus nie. Verder sal 'n Student nie sonder Toestemming enige Gevaarlike Wapen, ploftoestel of plofbare materiaal, of brandstof wat nie redelikerwys vir die werking van 'n motor of vir 'n ander wettige doel benodig word, na die Kampus toe bring of besit nie, in omstandighede wat 'n redelike vermoede skep dat die Student van voorneme is om die betrokke item in oortreding van die reëls vir studente gedrag te gebruik. Enige Student wat sodanige optrede of die besit daarvan bewerkstellig, sal hierdie reël oortree asof sodanige Student persoonlik die verbode item na die Kampus toe gebring of besit het.
- 13.5 'n Student mag nie sonder Toestemming enige plakkaat, advertensie of biljet op Kampus versprei, of dit op enige kennisgewingbord, gebou of terrein op Kampus aanbring nie. 'n Student mag verder ook nie sodanige optrede reël of sulke optrede aanmoedig nie. In die geval waar die plakkaat, advertensie of biljet 'n Student of studenteliggaam identifiseer, word aanvaar dat hulle hierdie reël oortree, tensy hulle in staat is om die teendeel te bewys.
- 13.6 'n Student mag nie sonder Toestemming aan kommersiële aktiwiteite op Kampus deelneem nie.

### **14 Die gebruik van alkoholiese en onwettige middels**

- 14.1 Geen Student mag enige alkoholiese of onwettige middel na enige deel van die Kampus bring sonder Toestemming om dit te doen nie.
- 14.2 Geen Student mag enige alkoholiese of onwettige middel op enige deel van die Kampus koop of verkoop nie, hetsy die besit daarvan volgens wet toegelaat word al dan nie, ook nie reël dat sodanige verkope deur 'n ander persoon plaasvind of dit fasiliteer sonder Toestemming om dit te doen nie. Hierbenewens moet die koop en verkoop van bedwelmende drank of dwelmmiddels aan alle vereistes voldoen wat deur Suid-Afrikaanse wetgewing opgelê word.
- 14.3 Geen Student mag in besit van alkoholiese of onwettige middels op enige deel van die Kampus wees waar sodanige besit in stryd met Suid-Afrikaanse wetgewing is nie.

## **15 Geleentheid en byeenkomste op die Universiteitskampus**

- 15.1 Geen Student mag 'n geleentheid of byeenkoms reël of daaraan deelneem indien die nodige Toestemming nie bekom is nie, of wat plaasvind in stryd met enige voorwaarde van Toestemming wat toegestaan is, nie.
- 15.2 Ondanks die feit dat die nodige Toestemming vir 'n geleentheid of byeenkoms bekom is, mag geen Student 'n ander persoon intimideer of andersins dwing om deel te neem, of hulle teen hul sin daarvan weerhou, om aan 'n geleentheid of byeenkoms deel te neem nie.
- 15.3 Tensy gemagtiging om dit te doen, mag geen Student 'n ander persoon verhoed om enige deel van die Universiteitskampus of geboue op die Kampus tydens 'n geleentheid of byeenkoms te betree of te verlaat nie.

## **16 Intellektuele eiendom**

- 16.1 Geen Student mag enige Dokument of werk ten opsigte waarvan kopiereg bestaan, in enige vorm of op enige wyse, reproduseer of versend nie, insluitend, maar nie beperk nie tot, fotokopiëring en fotografie, tensy sodanige reproduksie of versending gemagtig is deur wetgewing oor kopiereg wat op die tydstip van die reproduksie of versending van krag is.
- 16.2 Herhaaldelike of grootskaalse skending van hierdie verbod is wangedrag en sal as 'n Dissiplinêre Aangeleentheid hanteer word. Waar die wangedrag uit nalatigheid voortspruit of van geringe aard is, mag die aangeleentheid deur die verantwoordelike biblioteekbeampte of betrokke akademiese departement hanteer word.
- 16.3 'n Student mag nie op 'n wyse optree wat die Universiteit se intellektuele eiendom, insluitende digitale en elektroniese stelsels, negatief affekteer nie.

## **17 Koshuise en PSO-wyke**

- 17.1 Koshuise en PSO-wyke is onderworpe aan Koshuisreëls en Huisreëls, waar van toepassing.
- 17.2 Koshuisreëls word deur die Sentrum vir Studentegemeenskappe opgedateer ná oorlegpleging met die primkomitee. Wysigings aan Koshuisreëls moet deur die Viserektor: Leer en Onderrig goedgekeur word.
- 17.3 Koshuise en PSO-wyke mag reëls vir die gedrag van hul Studente in Huisreëls omskryf.
- 17.4 'n Verbreking van die Koshuisreëls en die tersaaklike Huisreëls is Koshuiswangedrag. Koshuiswangedrag sluit ook enige ander Dissiplinêre Wangedrag ingevolge hierdie dissiplinêre kode wat binne 'n Koshuis plaasgevind het, of wat selektief teen 'n medestudent van dieselfde Koshuis gemik is, in.

- 17.4.1 Afhangende van die erns van die Koshuiswangedrag, die belangrikheid van die vraagstukke wat geopper is, die bewysregtelike of konseptuele kompleksiteit van die aangeleentheid en die breër belang wat die Universiteit by die uitkoms van die aangeleentheid kan hê, sal dit deur die betrokke Huis Dissiplinêre Komitee as 'n Koshuisaangeleentheid of deur die KDK of die SDK as 'n Dissiplinêre Aangeleentheid hanteer word.
- 17.4.2 Waar 'n bepaling wat in 'n Huisreël vervat is, onversoenbaar oorvleuel met enige substantiewe of prosedurele bepaling in hierdie dissiplinêre kode sal hierdie dissiplinêre kode voorrang geniet en die aangeleentheid word outomaties 'n Dissiplinêre Aangeleentheid.
- 17.5 Volledige stelle Koshuisreëls en tersaaklike Huisreëls is op die Universiteit se webtuiste of by die kantoor van die Direkteur van die Sentrum vir Studentegemeenskappe beskikbaar.

## HOOFSTUK 3

### **Deel 1: Dissiplinêre magte wat aan verskeie dissiplinêre Funkisionarisse verleen is**

#### **18 Algemene aangeleenthede**

- 18.1 Hierdie Hoofstuk sit dissiplinêre Funkisionarisse se funksies en magte (Deel 1) en dié van ondersteunende Funkisionarisse (Deel 2) uiteen.
- 18.2 Dissiplinêre Funkisionarisse, of in sekere gevalle hul onderskeie voorsitters, bepaal hul eie prosedures, onderworpe aan die prosedures, waarborge en maatreëls wat in die volgende Hoofstuk uiteengesit word ten einde die aangeleentheid billik en met die nodige spoed te hanteer. Dispute behoort met die minimum formaliteite, maar met behoorlike inagneming van die wesenlike meriete van die aangeleentheid, hanteer te word.
- 18.3 Enige Funkisionaris wat dissiplinêre magte uitoefen, mag, voor die uitoefening van sodanige magte:
  - 18.3.1 Bystand van die Studente Dissiplinêre Ondersoeker versoek en ontvang om sodanige bykomende bewysmateriaal te bekom wat die dissiplinêre Funkisionaris beskou as noodsaaklik om die betrokke vraagstuk behoorlik te oorweeg; en
  - 18.3.2 Mag by enige ander Funkisionaris wat in hierdie dissiplinêre kode vermeld word, om inligting en raadgewing aanklop en dit ontvang, maar mag nie afstand doen van die besluit waarvoor die Funkisionaris self verantwoordelik is nie.

#### **19 Die Rektor**

- 19.1 Die Rektor of die Rektor se gedelegeerde mag 'n Student tydelik uit die Universiteit Skors indien die Rektor op grond van die beskikbare feite op daardie tydstip 'n redelike vrees het dat:
  - 19.1.1 Die voortgesette teenwoordigheid van die Student 'n dreigende gevaar vir die orde en dissipline aan die Universiteit inhou;
  - 19.1.2 Die voortgesette teenwoordigheid van die Student 'n werklike en dringende gevaar vir die geestelike of fisiese welstand van medestudente en ander individue op Kampus inhou;
  - 19.1.3 Die voortgesette teenwoordigheid van die Student 'n werklike en dringende risiko van die aanrigting van ernstige skade aan die Universiteit se eiendom inhou; of
  - 19.1.4 Die persoon se voortgesette teenwoordigheid op die Kampus nadelig is vir die ondersoek as gevolg van moontlike (a) inmenging met bewyse en/of (b) beïnvloeding van getuies.

'n Student beveel om, hangende 'n ondersoek, een of meer van die volgende te doen:

- 19.1.5 geen lesings of klasse by te woon op enige perseel wat deur die Universiteit beset word nie;
  - 19.1.6 aan geen Universiteitsbedrywighede deel te neem nie;
  - 19.1.7 geen Universiteitsperseel of enige ander plek waaroor die US beheer uitoefen, te betree nie;
  - 19.1.8 geen handeling te verrig soos deur die Rektor omskryf wat met die onderwerp van die aanklag of wangedrag verband hou nie;
  - 19.1.9 in geen leiersposisie in enige US-struktuur of -organisasie te funksioneer nie; en
  - 19.1.10 enige ander verbod wat die Rektor as gepas in die omstandighede beskou, te gehoorsaam.
- 19.2 Die aard van die beweerde wangedrag waaroor 'n klag ontvang is en/of die uitwerking van die beweerde wangedrag op die studentegemeenskap moet in ag geneem word.
- 19.3 Die Student se Skorsing uit die Universiteit is onderhewig aan bekragtiging deur die SDK.
- 19.4 Die Rektor dra die bykomende verantwoordelikhede en voer die magte, pligte en funksies uit wat deur hierdie dissiplinêre kode aan die Rektor verleen word.
- 19.5 Die Rektor se magte kan na 'n viserektor gedelegeer word.

## **20 Wangedrag in 'n Koshuis: word hanteer deur die Koshuishoof, die Huiskomitee se Dissiplinêre Komitee en die Dissiplinêre Komitee vir Koshuise**

### Die Koshuishoof

- 20.1 Alle beweerde Koshuiswangedrag sal in die eerste plek deur die Inwonende Hoof, met gesag oor die Koshuis waar die voorval plaasgevind het, hanteer word. Die betrokke Inwonende Hoof moet op grond van die beskikbare feite op daardie stadium oorweeg of:
- 20.1.1 Koshuiswangedrag redelikerwys vermoed kan word;
  - 20.1.2 Indien wel, of die wangedrag as 'n Koshuisaangeleentheid of as 'n Dissiplinêre Aangeleentheid hanteer moet word, met inagneming van die erns van die wangedrag, die belangrikheid van die vraagstukke wat geopper word, die bewysregtelike of konseptuele kompleksiteit van die aangeleentheid, die breër belang wat die Universiteit of ander Koshuise by die uitkoms van die aangeleentheid mag hê en enige ander relevante oorweging.
- 20.2 Die Inwonende Hoof beskik oor die diskresie om 'n Koshuisaangeleentheid verder te voer, al dan nie, met inagneming van geaffekteerde Studente se belange, die

Koshuis se belang, asook dié van die Universiteit, indien van toepassing.

20.3 Die Koshuishoof mag voorts 'n Student tydelik met onmiddellike effek uit die Koshuis skors indien die feite wat op daardie tydstop beskikbaar is die Koshuishoof redelikerwys laat vrees dat:

20.3.1 Die Student se voortgesette teenwoordigheid in die Koshuis 'n dreigende gevaar vir die orde en dissipline van die Koshuis inhou;

20.3.2 Die Student se voortgesette teenwoordigheid in die Koshuis 'n werklike en dringende gevaar vir die geestelike of liggaamlike welstand van medestudente in die Koshuis inhou;

20.3.3 Die Student se voortgesette teenwoordigheid in die Koshuis 'n werklike en dringende risiko van aanrigh van ernstige skade aan die Universiteit se eiendom inhou; of

20.3.4 Die persoon se voortgesette teenwoordigheid in die Koshuis nadelig is vir die ondersoek as gevolg van moontlike (a) inmenging met bewyse en/of (b) beïnvloeding van getuies.

'n Student beveel om, hangende 'n ondersoek, een of meer van die volgende te doen:

20.3.5 die Koshuis te verlaat;

20.3.6 in geen leiersposisie binne die Koshuis te funksioneer nie, en tydelik van hulle pligte as Huiskomiteelid of enige ander leiersposisie onthef te word; en

20.3.7 enige ander verbod te gehoorsaam wat die Koshuishoof as gepas in die omstandighede beskou.

20.4 Die aard van die beweerde wangedrag waarvoor 'n klag ontvang is en/of die uitwerking van die beweerde wangedrag op die studentegemeenskap moet in ag geneem word.

20.5 'n Student se Skorsing uit die Koshuis is onderhewig aan bekragtiging deur die KDK.

20.6 Die direkteur verantwoordelik vir die bestuur van studentekoshuise sal oorkoepelende gesag hê om enige van die Inwonende Hoof se funksies uit te voer in die afwesigheid van die Inwonende Hoof, of andersins, om die een of ander rede, nie daardie funksies kan verrig nie.

#### Die Huis Dissiplinêre Komitee

20.7 Die Huis Dissiplinêre Komitee tree op as 'n volledige komitee saamgestel uit 'n voorsitter en bykomende lede. Die Inwonende Hoof of die Inwonende Hoof se gedeligeerde is die voorsitter van die Huis Dissiplinêre Komitee. Die bykomende lede word ingevolge die onderskeie Koshuise se grondwette en Huisreëls aangestel.

20.8 Elke Koshuis moet 'n Huis Dissiplinêre Komitee vestig. Die Huis Dissiplinêre Komitees beskik oor jurisdiksie om Koshuisaangeleenthede te hanteer.

Hangende die aanvaarding van 'n grondwet vir die Huis Dissiplinêre Komitees ingevolge hierdie kode, behou die komitee, paneel of Funkisionaris wat tans gemagtig is om dissipline oor Studente in die spesifieke Koshuis uit te oefen, hul magte en jurisdiksie. Die Huis Dissiplinêre Komitee het nie die mag om 'n Student te Skors nie.

- 20.9 Die Huis Dissiplinêre Komitee mag bystand van 'n SDO vra om met 'n ondersoek na beweerde Koshuiswangedrag te help of leiding daarin te gee.
- 20.10 Die Huis Dissiplinêre Komitee se besluit word deur 'n meerderheidstem geneem. In geval van 'n gelykopuitslag, het die voorsitter die beslissende stem.
- 20.11 Die voorsitter van die Huis Dissiplinêre Komitee moet verseker dat behoorlik rekord gehou word van alle verrigtinge wat voor die Huis Dissiplinêre Komitee dien.
- 20.12 Enige Student wat nadelig deur 'n besluit van die Huis Dissiplinêre Komitee van 'n Koshuis geraak word, mag daardie besluit na die KDK appelleer.
- 20.13 In die afwesigheid van Huisreëls of Huisreëls wat nie voorsiening maak vir 'n Huis Dissiplinêre Komitee nie, sal die Koshuisreëls tot so 'n mate geld soos vereis word om die tekortkoming te oorbrug, onderworpe aan die bepalings en vereistes van hierdie kode.

#### Die Koshuis Dissiplinêre Komitee

- 20.14 Die KDK het jurisdiksie om Dissiplinêre Aangeleenthede wat uit Koshuiswangedrag voortspruit, en nie 'n ernstige bedreiging vir Studente se liggaamlik of geestelike welstand, of ernstige skade aan Universiteitseiendom inhou nie, aan te hoor. Die KDK beskik nie oor die mag om 'n Student se Uitsetting uit die Koshuis te gelas nie.
- 20.15 Die KDK het die verdere jurisdiksie om 'n tydelike Skorsing te bekragtig wat deur 'n Inwonende Hoof ingestel is, en om die Skorsing ingevolge klousule 32.11 te hersien.
- 20.16 Wanneer die KDK versoek word om 'n Skorsing te bekragtig:
  - 20.16.1 Die KDK sal die Hoof Student Dissipline versoek om 'n dringende ondersoek te begin ten einde die feite te verifieer waarop die Inwonende Hoof se besluit berus het, en ook om enige bykomende en relevante bewysmateriaal te bekom; en
  - 20.16.2 Die KDK sal die Skorsing bekragtig indien die bewysmateriaal wat in die ondersoek bekom word en wat in samehang met die voorleggings deur die betrokke Student ingevolge klousule 32.5.2 oorweeg is, die redes ondersteun wat deur die Inwonende Hoof voorsien het om die Student te Skors.
- 20.17 Die KDK het ook jurisdiksie as 'n appèllichaam vanaf die Huis Dissiplinêre Komitee. In daardie geval neem die KDK die besluit op grond van die rekord van verrigtinge voor die Huis Dissiplinêre Komitee, en mag die KDK daardie besluit bekragtig, of dit herroep, en die aangeleentheid terugverwys vir heroorweging.
- 20.18 In alle gevalle tree die KDK op as 'n volledige komitee bestaande uit 'n voorsitter en minstens twee ander lede van die KDK-paneel. Besluite van die KDK word deur middel van konsensus geneem en indien dit nie bereik kan word nie, deur 'n



meerderheidstem. In geval van 'n staking van stemme is, het die voorsitter die beslissende stem.

20.19 Die volgende besluite kan op skriftelike rondomtalie basis geneem word, insluitende elektroniese formaat, soos deur die voorsitter geïnisieer:

20.19.1 'n Besluit oor enige aansoek wat verband hou met 'n ondersoek wat voor die KDK dien, insluitende 'n aansoek om deelname aan die ondersoek (klousule 28.7), 'n aansoek om in te sit as toeskouer by 'n ondersoek (klousule 30.2), 'n aansoek deur 'n getuie om getuienis in enige ander vorm anders as mondelinge getuienis te lewer (klousule 30.7), en 'n aansoek om Regsverteenvoording (klousule 31.3); en

20.19.2 'n Hersiening van 'n Skorsing ingevolge klousule 32.11.

20.20 Die Direkteur: Regsdienste stel die voorsitter en bykomende lede van die KDK uit die KDK-paneel in elke bepaalde saak aan. Alle Inwonende Hoofde is lede van die KDK-paneel uit hoofde van hul aanstelling in daardie pos.

20.21 Sover dit prakties moontlik is in enige spesifieke geval, moet die lede van die KDK, insluitende die voorsitter, Inwonende Hoof van 'n Koshuis of PSO wyk in dieselfde kluster wees as die Koshuis waarin die aangeleentheid voorgekom het, maar dit moet die Inwonende Hoof van daardie spesifieke Koshuis uitsluit in gevalle van appèl of 'n hersiening van 'n Student se Skorsing uit 'n Koshuis.

20.22 In uitsonderlike omstandighede mag die Direkteur: Regsdienste of afgevaardigde/s bykomende lede op die KDK-paneel uit geskikte lede vanuit die Universiteitsgemeenskap aanstel. In daardie geval moet die voorsitter nietemin 'n Inwonende Hoof uit die betrokke kluster wees.

20.23 Enige Student wat nadelig geraak word deur 'n besluit van die KDK, behalwe 'n besluit wat op appèl van 'n Huis Dissiplinêre Komitee geneem is, of 'n besluit wat 'n Student se Skorsing uit 'n Koshuis hersien, mag daardie besluit na die DAK appelleer.

20.24 Die KDK mag hul eie verwysingsraamwerk bepaal wat versoenbaar is met hierdie reëls en bekragtig word deur die Direkteur: Regsdienste.

## **21 Akademiese Wangedrag: word deur die Departementshoof hanteer**

21.1 Alle vermeende Akademiese Wangedrag sal in die eerste plek deur die betrokke Departementshoof of 'n genomineerde persoon hanteer word, wat op grond van die beskikbare feite op daardie tydstip moet besluit of:

21.1.1 Akademiese Wangedrag redelikerwys vermoed kan word;

21.1.2 Indien wel, of die wangedrag as 'n Akademiese Aangeleentheid of as 'n Dissiplinêre Aangeleentheid hanteer moet word met inagneming van die erns van die wangedrag, die belangrikheid van die vraagstukke wat geopper word, die bewysregtelike of konseptuele kompleksiteit van die aangeleentheid, die breër belang wat die Universiteit of ander departemente by die uitkoms van die aangeleentheid kan hê en enige ander relevante oorweging.

21.2 Die Departementshoof beskik oor die diskresie om 'n Akademiese Aangeleentheid verder te voer, al dan nie, met inagneming van die belange van

die geaffekteerde Studente, die departement se belang asook dié van die Universiteit, indien van toepassing.

## **22 Diskriminerende Wangedrag en Seksuele Wangedrag: word deur die Eenheid vir Gelykwaardigheid hanteer**

- 22.1 Enige beweerde Seksuele Wangedrag of Diskriminerende Wangedrag sal normaalweg in die eerste plek deur die Eenheid vir Gelykwaardigheid hanteer word ingevolge die Beleid wat daardie Eenheid reguleer.
- 22.2 Die Hoof van die Eenheid vir Gelykwaardigheid mag besluit om die aangeleentheid vir ondersoek na die SDK te verwys in welke geval dit 'n Dissiplinêre Aangeleentheid word en deur die SDK in die gewone loop hanteer word asof dit vir ondersoek deur die voorsitter van die SDK (soos uiteengesit in klousule 37) verwys is. Die Universiteitsbestuur en enige ander dissiplinêre of ondersteunende Funkisionaris mag voorleggings of aanbevelings na die Eenheid vir Gelykwaardigheid maak rakende die hantering van die aangeleentheid as 'n Dissiplinêre Aangeleentheid.
- 22.3 Indien, vir welke rede ook al die Hoof van die Eenheid vir Gelykwaardigheid van mening is dat die Eenheid nie in staat is nie, of onwillig is, om met 'n aangeleentheid wat voorspruit uit beweerde diskriminerende of Seksuele Wangedrag, mag die aangeleentheid, in die gewone loop hanteer word as 'n Dissiplinêre Aangeleentheid.

## **23 Die Sentrale Dissiplinêre Komitee**

### Die SDK-voorsitters

- 23.1 Die SDK handel slegs deur 'n voorsitter indien:
- 23.1.1 Besluit word of daar voortgegaan moet word met 'n Dissiplinêre Aangeleentheid;
- 23.1.2 Besluit word oor die toepaslike kanaal om met die Dissiplinêre Aangeleentheid te handel;
- 23.1.3 Die SDK die summiere prosedure volg;
- 23.1.4 Besluit oor enige aansoek wat verband hou met die ondersoek voor die SDK insluitende 'n aansoek om toegelaat te word om deel te neem aan die ondersoek (klousule 28.7), 'n aansoek om die ondersoek waar te neem (klousule 30.2), 'n aansoek deur 'n getuie om getuienis by 'n ondersoek te verskaf op 'n ander wyse as deur mondelinge getuienis te lewer (klousule 30.7), en 'n aansoek om Regsverteenwoordiging (klousule 31.3); en
- 23.1.5 Besluit oor hersiening van 'n Skorsing op grond van onnodige vertraging kragtens klousule 32.11.
- 23.2 In alle ander gevalle tree die SDK komitee op, wat bestaan uit 'n voorsitter en drie bykomende lede wat uit die SDK-paneel gekies word, waarvan minstens een 'n studentgenomineerde moet wees.
- 23.3 In die geval van geen konsensus nie, besluit die SDK deur 'n volledige komitee by

wyse van 'n meerderheid stem. In geval van 'n staking van stemme, het die voorsitter die beslissende stem.

## Die SDK-voorsitters

23.4 Die SDK-voorsitters moet uit die onderstaande groepe aangestel word:

- 23.4.1 'n prokureur of advokaat, of 'n persoon wat die nodige kwalifikasies het om as prokureur of advokaat tot die Hooggeregshof van Suid-Afrika toegelaat te word, met minstens vyf jaar ervaring; sodanige aanstelling word deur die Registrateur goedgekeur; of
- 23.4.2 'n senior lid van die akademiese personeel wat die posisie van lektor of professor aan die US beklee, of 'n voormalige of afgetrede senior lid van die akademiese personeel aan die US wat 'n permanente aanstelling op die vlak van ten minste senior lektor of professor aan die US gehad het; sodanige persoon word die Senior Direkteur: Regsdienste op aanbeveling van die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid aangestel.

### Senior Direkteur: Regsdienste

23.5 Die SDK-voorsitters soos in 23.4.2. bedoel, word gelyktydig vir dieselfde akademiese jaar aangestel. Die Senior Direkteur: Regsdienste kies, na beraadslaging met die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, 'n sekere voorsitter of paneel voorsitters om 'n sekere gedeelte van die akademiese jaar te dien of 'n sekere aangeleentheid te hanteer.

## Lede van die SDK-paneel

23.6 'n Lid van die SDK-paneel sal 'n lid van die Universiteitsgemeenskap wees en as volg genomineer word:

- 23.6.1 Elke fakulteit moet minstens een senior akademiese personeellid uit elke fakulteit benoem en 'n kort motivering daarby insluit. In die geval van die Regsfakulteit is die nominasie as lid van die SDK- paneel bykomend tot die nominasie van 'n voorsitter.
- 23.6.2 Elke verantwoordelike sentrum van die Rektor se Bestuurspan moet minstens een senior nie-akademiese personeellid uit elke sentrum benoem, met 'n kort motivering daarby ingesluit.
- 23.6.3 Die SR sal minstens tien nagraadse Studente benoem en 'n kort motivering vir elkeen insluit. Sou die SR in gebreke bly om dit te doen, mag die Senior Direkteur: Studentesake geskikte nagraadse Studente vir die SDK-paneel nomineer. Waar hierdie dissiplinêre kode vereis dat die SR stappe doen wat hulle versuim of weier om te doen, vir welke rede ook al, mag Dissiplinêre Verrigtinge voortgaan ongeag die SR se versuim of weiering, met die nodige aanpassings aan die tersaaklike reëls en prosedures om te vergoed vir die versuim of weiering.

23.7 Die Direkteur: Regsdienste kies en stel die lede van die SDK aan uit die SDK-paneel vir 'n spesifieke gedeelte van die akademiese jaar of vir 'n spesifieke saak, nadat die motiverings wat voorsien is en die aanbevelings van die HSD oorweeg is, ten opsigte van die ervaring, geskiktheid en beskikbaarheid van paneellede, asook die behoefte van die SDK-komitee om ras- en geslagsdiversiteit te weerspieël.

23.8 'n Besluit van die SDK mag geappelleer word na die DAK.

### Bevestiging van Tydelike Skorsing

23.9 Wanneer die Rektor 'n Student ingevolge klousule 19.1 tydelik uit die US geskors het, moet die SDK die skorsing oorweeg en bevestig, of aanpas, of verwerp.

23.10 Wanneer bekragtiging van 'n Skorsing vereis word:

23.10.1 Sal die SDK die HSD versoek om 'n dringende ondersoek te doen om feite, waarop die Rektor se besluit berus het te verifisee

23.10.2 Die SDK moet die Tydelike Skorsing bevestig as die getuienis wat die ondersoek opgelewer het en saam met die voorleggings deur die betrokke Student ingevolge klousule 32.5.2 ingedien is, indien enige, die gronde ondersteun wat die Rektor vir die Student se Tydelike Skorsing verskaf het; of die SDK moet die Tydelike Skorsing aanpas indien die getuienis gronde vir sodanige aanpassing verskaf.

## **24 Eksterne Dissiplinêre Paneel**

24.1 Wanneer omstandighede dit vereis, mag die Rektor, of gedelegerde, die Direkteur: Regsdienste opdrag gee om persone, wie nie lede van die Universitesgemeenskap is nie, aan te stel wat 'n Eksterne Dissiplinêre Paneel vorm met spesiale riglyne om dissiplinêre magte uit te oefen in 'n spesifieke saak.

24.2 Die spesiale riglyne word deur die Rektor, op advies van die Direkteur: Regsdienste, bepaal.

24.3 Die Rektor se mag om opdrag te gee dat 'n EDP aangestel word, en om die riglyne van 'n EDP te bepaal, kan aan 'n geskikte viserektor gedeleger word.

24.4 Wanneer besluit word of 'n EDP gevorm moet word, moet die Rektor of die gedelegerde minstens die volgende in ag neem:

24.4.1 Die volume van die materiaal wat waarskynlik oorweeg sal moet word, wat waarskynlik relevant is tot 'n spesifieke aangeleentheid in die lig van die moontlik beperkte kapasiteit van KDK of SDK-paneel, wat die geval ook mag wees, in ag neem;

24.4.2 Die aantal persone wat in 'n klagte geïmpliseer word en die waarskynlike tyd wat vir mondelinge voorlegging van getuienis ingeruim moet word. Dit is ook in die lig van beperkinge in kapasiteit wat die lede van die KDK en die SDK-paneel kan ervaar, wat die geval ook mag wees;

24.4.3 Die noodsaaklikheid dat die Universiteit se ondersoeke en die uitvoering van dissiplinêre funksies as onpartydig gesien sal word; en

24.4.4 Die noodsaaklikheid aan 'n dringende oplossing van die aangeleentheid in die omstandighede van die spesifieke saak.

- 24.5 Die EDP bestaan uit 'n voorsitter en nie minder nie as twee, en nie meer nie as ses, bykomende lede. Indien geen konsensus bereik kan word nie, word die besluit van die EDP deur die meerderheidstem bepaal. In geval van 'n staking van stemme, het die voorsitter die beslissende stem.
- 24.6 Wanneer die Direkteur: Regsdienste persone aanstel om op die EDP te dien, moet hul ervaring en geskiktheid om Dissiplinêre Aangeleenthede namens die Universiteit en die spesifieke aangeleentheid te hanteer, oorweeg word.
- 24.7 Die voorsitter van die EPD bepaal die paneel se prosedure, onderworpe aan die spesiale riglyne en met inagneming van die prosedure wat normaalweg in ondersoeke voor die SDK (soos uiteengesit in klousule 37) gevolg word.
- 24.8 Die EDP sal gewoonlik die ondersoek uitvoer en doen volledig gemotiveerde aanbevelings aan die SDK vir 'n beslissing oor die betrokke dissiplinêre aangeleentheid.
- 24.9 Besluit deur die SDK in sulke omstandighede kan soos in die normale loop op appèl geneem word na die DAK.
- 24.10 Waar daar bewerings van vooroordeel teen die Universiteit is of waar nie een van die SDK-voorsitters in staat of beskikbaar is om die aanbevelings van die EDP te ontvang of te bekragtig nie, kan die spesiale riglyne die EDP beveel om 'n finale, bindende besluit oor die dissiplinêre aangeleentheid wat voor die paneel dien te neem. In daardie geval:
- 24.10.1 Moet die voorsitter van die EDP 'n afgetrede Rektor of viserektor, of 'n persoon met gelyke status van 'n Universiteit binne die Republiek van Suid-Afrika, 'n afgetrede regter, of 'n afgetrede of voormalige lid van die Regsfakulteit wat ten tye van aftrede die pos van lektor beklee het, wees;
- 24.10.2 Moet die bykomende lede van die EDP geskikte professionele persone van hoë aansien wees; en
- 24.10.3 Mag daar geen appèl teen die bevinding van 'n EDP wees nie.

## 25 Appèl na die Dissiplinêre Appèlkomitee (DAK)

- 25.1 'n Appèl teen 'n besluit van die KDK of die SDK word gehoor en beslis deur die DAK.
- 25.2 Die DAK tree op as 'n volledige komitee bestaande uit die voorsitter, een akademiese personeellid en een studentelid. Die besluit van die DAK word deur die meerderheidstem bepaal.
- 25.3 Die DAK-voorsitter moet een van die onderstaande persone wees:
- 25.3.1 Die voorsitter van die DAK sal die Dekaan van die Regsfakulteit wees, uit hoofde van die persoon se amp, of 'n professor van die Regsfakulteit wat deur die Direkteur: Regsdienste aangestel is ná oorlegpleging met die Dekaan van die Regsfakulteit.
- 25.3.2 'n prokureur of advokaat, of 'n persoon wat die nodige kwalifikasies het om as prokureur of advokaat tot die Hooggeregshof van Suid-Afrika toegelaat te word, met minstens vyf jaar ervaring; en wie se aanstelling deur die Rektor goedgekeur is.
- 25.4 Die akademiese personeellid van die DAK moet 'n akademiese personeellid van die Regsfakulteit wees wat vir elke akademiese jaar deur die Direkteur: Regsdienste aangestel word ná oorlegpleging met die Dekaan van die Regsfakulteit. Waar daardie akademiese personeellid nie beskikbaar of in staat is om 'n spesifieke saak te hanteer nie, kan die Direkteur: Regsdienste 'n ander akademiese personeellid aanstel ná oorlegpleging met die Dekaan van die Regsfakulteit, ongeag of daardie personeellid deel van die Regsfakulteit is, om as tydelike akademiese personeellid van die DAK vir 'n spesifieke tyd of ten opsigte van 'n spesifieke saak op te tree.
- 25.5 Die studentelid van die DAK moet 'n nagraadse Student wees wat deur die SR vir elke akademiese jaar benoem word. Waar die studentelid nie beskikbaar of in staat is om 'n spesifieke saak te hanteer nie, of die SR nie iemand benoem nie, kan die Direkteur: Regsdienste of gedelegeerde(s) 'n ander nagraadse Student aanstel ná oorlegpleging met die Dekaan van die Regsfakulteit. Sodanige Student kan aangestel word om op te tree as tydelike studentelid van die DAK vir 'n spesifieke tydperk of ten opsigte van 'n spesifieke saak, en hoef nie, deel van die Regsfakulteit te wees nie. Indien sodanige Student nie aangestel word nie, sal dit nie die proses ongeldig maak nie.
- 25.6 Die DAK het wye appèl magte: Dit kan enige gronde vir hersiening oorweeg wat in wetgewing oor administratiewe geregtigheid vervat is, en dit kan enige dissiplinêre aangeleentheid herverhoor op die meriete in die mate wat die DAK dit nodig ag en in welke vorm die DAK aandui. Die DAK het die mag om 'n bevinding van die KDK of SDK, in geheel of gedeeltelik met dié van die DAK, te vervang, of om die betrokke besluit tersyde te stel, en die aangeleentheid terug te verwys na daardie komitees vir heroorweging, onderworpe aan die DAK se riglyne.

## Deel 2: Ondersteunende Funkisionarisse

### 26 Direkteur: Regsdienste

- 26.1 Die Direkteur: Regsdienste dra die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die implementering van hierdie dissiplinêre kode bykomend tot die uitoefening van die magte, pligte en funksies aan die Direkteur in hierdie dissiplinêre kode opgedra word.
- 26.2 Die Direkteur: Regsdienste doen jaarliks deur die loop van die eerste kwartaal van die volgende jaar aan die Rektor verslag oor alle aspekte van die implementering van hierdie dissiplinêre kode.
- 26.3 Verwysings na die Senior Direkteur: Regsdienste sluit die huidige posbeker in, ongeag of dit kragtens 'n permanente, waarnemende of tydelike aanstelling is, asook enige ander funksionaris aan wie die Senior Direkteur: Regsdienste se verantwoordelikhede wat met studentedissipline verband hou, gedelegeer is.
- 26.4 Die HSD kan enige verantwoordelikhede met die Toestemming van die Direkteur: Regsdienste deleger.
- 26.5 Verwysings na die Senior Direkteur: Regsdienste sluit die huidige posbeker in, ongeag of dit kragtens 'n permanente, waarnemende of tydelike aanstelling is, asook enige ander funksionaris aan wie die Senior Direkteur: Regsdienste se verantwoordelikhede wat met studentedissipline verband hou, gedelegeer is.

### 27 Hoof van Studentedissipline

- 27.1 Die Universiteit moet 'n HSD aanstel wat die oorkoepelende verantwoordelikheid dra om administratiewe en klerklike ondersteuning aan die dissiplinêre prosesse te verleen wat deur die KDK, SDK, EDP en die DAK uitgevoer word, asook aan enige ander dissiplinêre Funkisionaris wat dit versoek. Dit is bykomend tot die uitoefening van die magte, pligte en funksies wat in hierdie kode aan die HSD opgedra word.
- 27.2 Die HSD kan in enige take deur 'n ander persoon eellid in die kantoor van die Direkteur: Regsdienste bygestaan word. Die HSD rapporteer aan die Direkteur: Regsdienste.
- 27.3 Die verantwoordelikhede van die HSD sluit in, maar is nie beperk nie tot die volgende:
  - 27.3.1 Om alle Dissiplinêre Aangeleenthede wat aangemeld en na die SDK verwys word, te ontvang, aan te teken en te verwerk;
  - 27.3.2 Om enige ondersoek wat deur 'n SDO uitgevoer word, te bestuur en toesig te hou daaroor;
  - 27.3.3 Om aanbevelings aan enige dissiplinêre Funkisionaris te maak wat dit versoek, insluitende maar nie beperk nie tot, aanbevelings aan die voorsitter van die SDK oor die prosedure wat gevolg moet word wanneer beweerde wangedrag hanteer word, en enige prosedurele aspek van ondersoeke wat deur die KDK, SDK en DAK uitgevoer word;



- 27.3.4 Om kommunikasie vanaf en tussen die KDK, SDK en die DAK asook voorleggings aan hulle te bestuur, wat kommunikasie met die Eenheid vir Gelykwaardigheid, die relevante departementshoof en Inwonende Hoof insluit;
- 27.3.5 Om gedurende Dissiplinêre Verrigtinge as klerk van die KDK, SDK en die DAK op te tree;
- 27.3.6 Om 'n saamgestelde lêer ten opsigte van elke dissiplinêre aangeleentheid te hou, of te laat hou, wat alle Dokumentasie wat met die aangeleentheid verband hou moet bevat, in die oorspronklike formaat of duplikaat, insluitende die aanvanklike verslag en die aanvanklike ondersoek, die voorlopige rekord, skriftelike voorleggings, aansoeke ten opsigte van Regsverteenvoordinging, transkripsies of opnames van mondelinge getuieis, en kennisgewing van die betrokke dissiplinêre Funkisionaris se besluite en redes, asook appèlrekords, indien van toepassing;
- 27.3.7 Om rekord te hou rakende die uitvoering van opgeskorte sanksies en toesighouding daaroor, en om skriftelik daaroor verslag te doen aan die voorsitter van die betrokke komitee wat die opgeskorte sanksie opgelê het, sodra dit uitgedien is;
- 27.3.8 Om rekord te hou van Dissiplinêre Aangeleenthede wat na die Eenheid vir Gelykwaardigheid verwys is en daaroor verslag te doen aan die voorsitter van die betrokke komitee;
- 27.3.9 Om elke semester registers van verrigtinge van die dissiplinêre komitees van Koshuise aan te vra, te ontvang en daaroor verslag te doen aan die Direkteur: Regsdienste, indien dit uit sodanige rekords blyk dat die komitees nie aan die bepalings van hierdie kode voldoen nie;
- 27.3.10 Om enige bykomende raadgewende, administratiewe of klerklike funksie te verrig wat deur enige dissiplinêre Funkisionaris versoek word; insluitende rekordhouding van enige aangeleentheid wat dui op 'n behoefte aan hersiening van hierdie dissiplinêre kode, soos en wanneer dit ontstaan. Die aangeleentheid wat hersien moet word moet minstens jaarliks aan die Direkteur: Regsdienste aangemeld word, of meer dikwels indien verlang of versoek;
- 27.3.11 Om Studente in hul interaksie met, en voorleggings aan, die onderskeie dissiplinêre Funkisionarisse, by te staan; en
- 27.3.12 Om 'n enkeldoel-e-posrekening te moniteer en in stand te hou waarop enige beweerde wangedrag aangemeld kan word.

## 28 Studente Dissiplinêre Ondersoeker

- 28.1 Die Universiteit moet 'n voltydse SDO in daardie pos in die Direkoraat: Regsdienste aanstel. Hierbenewens mag die Direkteur: Regsdienste in gepas gekwalifiseerde Studente Dissiplinêre ondersoeker/s aanstel, wat 'n personeellid/-lede van die Universiteit kan wees al dan nie.
- 28.2 'n SDO voer ondersoeke in opdrag van die HSD uit.
- 28.3 Enige personeellid van die Universiteit wat bewus raak van moontlike wangedrag, kan die dringende bystand van 'n SDO versoek om so gou redelikerwys moontlik bewysmateriaal te vind rakende die wangedrag voordat die wangedrag op een van die maniere wat dié kode voorskryf aangemeld is.
- 28.4 'n SDO moet die aanvanklike ondersoek, asook enige verdere ondersoek uitvoer, soos nodig nadat 'n aangeleentheid na die KDK of die SDK vir ondersoek verwys is of soos dit deur die DAK vereis word. 'n SDO kan voorts enige ander ondersoek na moontlike studentewangedrag uitvoer wat die HSD versoek.
- 28.5 Om die ondersoek uit te voer, verkry die SDO toegang tot inligting, dokumentasie en opnames onder die beheer van die Universiteit, in die mate wat regtens toelaatbaar is. Sodanige inligting, dokumentasie en opnames moet vertroulik deur die SDO hanteer word. Toegang daartoe sal slegs verkry word om dit vir onmiddellike Dissiplinêre Verrigtinge te gebruik, behalwe as die inligting, dokumentasie of opnames aanleiding gee tot 'n deeglik begronde vermoede van ernstige, onverwante wangedrag deur dieselfde Student, of 'n ander persoon, in welke geval die SDO die aangeleentheid moet aanmeld.
- 28.6 Die SDO kan 'n onderhoud met enige persoon as deel van die ondersoek voer, insluitende die Student wat van die wangedrag verdink word. Die SDO moet 'n onderhoud met 'n Klaer voer, indien daar een is, en moet bepaal of die Klaer voorleggings wil maak of aan 'n moontlike toekomstige ondersoek wil deelneem. Die Student wat van wangedrag verdink word, kan nie gedwing word om saam te werk nie en moet voor die aanvang van die onderhoud van hierdie feit in kennis gestel word.
- 28.7 Elke ander persoon wat voorleggings wil maak of andersins aan 'n moontlike toekomstige ondersoek wil deelneem, kan 'n aansoek aan die SDO rig, waarin die redes vir die versoek om toelating tot die ondersoek uiteengesit word. Sodanige aansoek moet skriftelik wees, en in die formaat en wyse ingedien wat vereis word. Die SDO kan 'n verduideliking of enige bykomende inligting oor sodanige aansoek aanvra, wat dan by die voorlopige rekord ingesluit moet word vir beslissing deur die voorsitter van die SDK.
- 28.8 Die SDO moet institusionele imperatiewe in die ondersoek in ag neem.

## 29 Getuienisaanbieder

- 29.1 Die Universiteit moet 'n getuienisaanbieder aanstel om die uitkoms van die SDO se ondersoek namens die Universiteit aan te bied, in 'n ondersoek deur die KDK, SDK, of die DAK, en die voorsitter en paneel van die betrokke dissiplinêre liggaam bystaan.
- 29.2 In sake wat voor die SDK en DAK dien, kan die getuienisaanbieder een van die volgende wees:
- 29.2.1 'n Voltydse personeellid in Regsdienste; of
  - 29.2.2 'n ad hoc-aanstelling deur die Direkteur: Regsdienste ten opsigte van 'n spesifieke saak; of vir 'n spesifieke tydperk.
- 29.3 Die persoon wat as getuienisaanbieder in sake voor die SDK en DAK aangestel word, moet minstens oor 'n regsgraad beskik en kan:
- 29.3.1 Die HSD wees; of
  - 29.3.2 'n Persoon van buite die Universiteitsgemeenskap wees, insluitende 'n praktiserende of afgetrede Regspraktisyn.
- 29.4 Die getuienisaanbieder kan in sake voor die KDK enige van die persone wees na wie daar in paragraaf 29.2 en 29.3 verwys word, of enige ander Student of personeellid van die Universiteit wat as sodanig deur die Direkteur: Regsdienste benoem is.
- 29.5 Die getuienisaanbieder kan bewysmateriaal voorgelê deur enige persoon wat voor die relevante dissiplinêre komitee verskyn aanveg, en kan 'n persoon wat mondelinge getuienis lewer ondervra in die mate wat toegelaat, en versoek word, deur die voorsitter van die betrokke dissiplinêre komitee.

## HOOFSTUK 4

### **Dissiplinêre maatreëls en prosedures**

#### **30 Algemene aangeleenthede**

- 30.1 Alle Dissiplinêre Verrigtinge waarvoor daar in hierdie dissiplinêre kode voorsiening gemaak word, sal gewoonlik nie toeganklik wees vir die publiek nie.
- 30.2 'n Belanghebbende party of partye kan aansoek doen om toegang as waarnemer/s tot 'n ondersoek voor die KDK, SDK of DAK, op grond van goeie rede aangetoon, wat minstens 'n direkte en wesenlike of persoonlike belang by die verrigtinge moet insluit.
- 30.3 Die voorsitter van die betrokke komitee aan wie die aansoek gerig word, kan instruksies uitreik oor hoe 'n aansoek of aansoeke individueel of gesamentlik hanteer moet word met inagneming van die behoefte van die spoedige afhandeling van die ondersoek.
- 30.4 Waar 'n aansoek om toegang ontvang word en die voorsitter van die betrokke komitee van *prima facie*-mening is dat toegang toegestaan behoort te word, moet elke Student wat geroep word om aan die ondersoek deel te neem die geleentheid gebied word om op die aansoek te reageer op die wyse wat die voorsitter bepaal.
- 30.5 Toestemming vir toegang mag in geheel of ten dele toegestaan word, en kan onderworpe wees aan sodanige voorwaardes wat die betrokke dissiplinêre komitee nodig ag om die belange van enige Student wat by die verrigtinge betrokke is, en die integriteit van die dissiplinêre proses, of die Universiteit se belange te beskerm.
- 30.6 Die identiteit van enige Student wat nabewering of gevind is Dissiplinêre Wangedrag gepleeg het, sowel as enige Student wat geroep word om aan enige dissiplinêre ondersoek deel te neem, mag nie buite die konteks van die betrokke Dissiplinêre Verrigtinge openbaar gemaak word nie, behalwe met die uitdruklike Toestemming van die betrokke dissiplinêre komitee of Funkisionaris.
- 30.7 Enige Student wat geroep word om as getuie aan enige dissiplinêre ondersoek deel te neem, kan 'n aansoek by die betrokke dissiplinêre komitee indien om getuienis skriftelik, by wyse van geslote kringtelevisie, of anoniem, te lewer. Sodanige aansoek kan toegestaan word indien die getuie 'n redelike vrees vir die getuie se geestelike of liggaamlike welstand kan aantoon, of dat die integriteit van die ondersoek ondermyn sal word, indien sodanige getuie geroep sou word, om in die normale loop van sake getuienis te lewer.
- 30.8 Indien 'n aansoek ingevolge hierdie klousule 30.7 toegestaan word, moet die Student wat van wangedrag beskuldig word van 'n volledige transkripsie of opname van die getuienis wat gelewer is, onderhewig slegs aan die beskerming van die identiteit van die getuie indien dit verlang en toegestaan is, en 'n geleentheid om daarop te reageer, voorsien word.

- 30.9 Die rekord van alle Dissiplinêre Verrigtinge moet deur die kantoor van die HSD gehou word en is op versoek van enige party tot die betrokke Dissiplinêre Verrigtinge beskikbaar, of op aansoek van enige belanghebbende party. Tensy Toestemming toegestaan is om 'n spesifieke Student te identifiseer, soos hierbo aangedui (klousule 30.4), moet die naam en enige besonderhede wat daardie Student kan identifiseer, uitgeblok of andersins in die rekords verwyder word. Waar rekords in die vorm van oudio-opnames is, kan 'n transkripsie van sodanige opnames vir daardie party se rekening, aangevra word.
- 30.10 Enige kommunikasie met die voorsitter van die KDK, SDK of DAK moet aan die HSD of 'n genomineerde gerig word, en by die kantoor van die HSD of 'n genomineerde afgelewer of daarheen gestuur word.

### **31 Verteenwoordiging en Regsverteenwoordiging**

- 31.1 'n Student mag kies om in Dissiplinêre Verrigtinge deur 'n ander Student of personeellid van die Universiteit verteenwoordig te word. Hierna word na verwys as 'Verteenwoordiging' in hierdie kode. 'n Student wat voor 'n dissiplinêre komitee van 'n HDK, KDK, SDK en DAK verskyn, sal geregtig wees op verteenwoordiging.
- 31.2 Regsverteenwoordiging word gewoonlik nie toegelaat nie, maar daar kan daarvoor aansoek gedoen word in aangeleenthede wat voor die KDK, SDK en DAK dien.
- 31.3 'n Student wat voor die KDK, SDK, of DAK op 'n klag van beweerde wangedrag verskyn, kan 'n aansoek tot die voorsitter van die KDK, SDK, of DAK rig, wat die geval ook mag wees, om Verteenwoordiging deur 'n Regspraktisyn.
- 31.4 Die aansoek moet binne vyf (5) dae vanaf kennisgewing om te verskyn by die toepaslike dissiplinêre komitee ingedien word.
- 31.5 Indien die Student nie in staat is om binne daardie tydperk aansoek te doen nie, moet die aansoek die omstandighede uiteensit wat tot die laat aansoek gelei het, en vir kondonاسie vra wat toegestaan moet word indien die voorsitter tevrede is dat die Student alle redelike stappe gedoen het om die aansoek betyds in te dien en nie die voorlegging onnodig vertraag het nie.
- 31.7 Die gerief of beskikbaarheid van enige spesifieke Regspraktisyn sal nie goeie rede vir vertraging van verrigtinge beskou word nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede.
- 31.8 Die betrokke voorsitter het 'n diskresie om 'n aansoek om Regsverteenwoordiging toe te staan nadat die voorsitter minstens die volgende in ag geneem het:
- 31.8.1 Die noodsaaklikheid vir die spoedige afhandeling van die aangeleentheid in die lig van die impak daarvan op die wyer Universiteitsgemeenskap of enige spesifieke lede van die Universiteitsgemeenskap.
  - 31.8.2 Die aard van die aantygings teen die Student.
  - 31.8.3 Die feitlike en geregtelike kompleksiteit van die saak.

- 31.8.4 Die erns van moontlike sanksies wat opgelê kan word indien die bevinding is dat die Student die wangedrag gepleeg het. 'n Aansoek om Regsverteenwoordiging sal nie geweier word indien die Student Uitsetting as 'n moontlike sanksie in die gesig staar nie.
  - 31.8.5 Die beskikbaarheid van geskikte Studente of personeellede om die Student te verteenwoordig, sou die aansoek om Regsverteenwoordiging van die hand gewys word; en
  - 31.8.6 Of daar belangrike feitlike dispute is wat getuienis en kruisondervraging vereis.
- 31.9 Waar 'n aansoek om Regsverteenwoordiging deur die KDK of die SDK toegestaan is, wat die geval ookal mag wees, kan Regsverteenwoordiging voor die DAK voortgesit word.
  - 31.10 Waar 'n aansoek om Regsverteenwoordiging van die hand gewys word, verhoed niks die Student daarvan om regsadvies in te win nie, maar die Regspraktisyn mag nie teenwoordig wees by die ondersoek nie.
  - 31.11 Ongeag of Regsverteenwoordiging toegestaan is, al dan nie, kan die voorsitter van die KDK, SDK of DAK, wat die geval ook mag wees, opdragte gee en redelike tydsbeperkings ten opsigte van enige prosedurele aspek van die ondersoek stel, insluitende die lei van getuienis en kruisondervraging met die oog op die spoedige afhandeling van die aangeleentheid. Dit kan 'n opdrag insluit dat regsargumente skriftelik ingedien moet word.

## 32 Skorsing uit die Universiteit of 'n Koshuis

### Tydlike Skorsing

- 32.1 Sou enige nie-studentelid van die Universiteitsgemeenskap, insluitende enige Funkisionaris na wie in hierdie dissiplinêre kode verwys word, rede hê om te glo dat die Skorsing van 'n Student geregverdig is, moet daardie persoon die aangeleentheid soos volg aanmeld:
- 32.1.1 By die HSD wat dit by die Rektor of die Rektor se gedelegeerde sal aanmeld vir oorweging van 'n tydelike Skorsing (soos daarvoor voorsiening gemaak is in klousule 19.1) uit die Universiteit; of
- 32.1.2 By die Inwonende Hoof van die betrokke Koshuis vir oorweging van 'n tydelike Skorsing (soos daarvoor voorsiening gemaak is in klousule 20.3) uit die Koshuis.
- 32.2 Enige Student wat rede het om te glo dat die Skorsing van 'n ander Student geregverdig kan wees, kan, maar is nie onder verpligting nie, om die aangeleentheid aan te meld soos hierbo aangedui.
- 32.3 Die Rektor en die Inwonende Hoof kan ook 'n tydelike Skorsing uit die Universiteit ingevolge klousule 19.1, of die Koshuis, ingevolge klousule 20.3, op hul eie inisiatief instel, wat die geval ookal mag wees.
- 32.4 Die Funkisionaris wat 'n tydelike Skorsing instel moet die aangeleentheid onmiddellik by die Sentrum vir Studentevoorigting en Ontwikkeling aanmeld, en die Student inlig hoe om ondersteuning te kry hangende die afhandeling van Dissiplinêre Verrigtinge. Die Student moet ook voorsien word van die studenteondersteuningshulplyn se kontaknommer.
- 32.5 Die Student moet, so gou prakties moontlik nadat die Student kennisgewing van die tydelike skorsing en/of tydelike Skorsing van die Koshuis, ontvang het:
- 32.5.1 Voorsien word van die redes vir die tydelike Skorsing;
- 32.5.2 Ingelig word oor die reg om die bekragting van die tydelike Skorsing voor die KDK of die SDK, wat die geval ook mag wees, teen te staan by wyse van skriftelike of mondelinge voorleggings met die redes waarom sodanige Skorsing nie bekragtig behoort te word nie; en
- 32.5.3 Ingelig word oor die plek en tyd van die bevestigingsondersoek, asook enige praktiese en logistieke reëlins vir sodanige ondersoek.

### Bekragtiging van die Skorsing

- 32.6 'n Tydelike Skorsing uit die Universiteit of 'n Koshuis moet deur die SDK (soos daarvoor voorsiening gemaak is in klousule 23.10 en 23.11) of die KDK (soos daarvoor voorsiening gemaak is in klousule 20.14 en 20.15) onderskeidelik bekragtig word.
- 32.7 Die KDK en SDK bepaal hul eie prosedure in die bekragtigingsondersoek.
- 32.8 Die tydelike Skorsing verval indien bekragtigingsverrigtinge nie binne vyf (5) dae van die tydelike Skorsing begin nie. Die tydelike Skorsing bly van krag vir die duur van die bekragtigingsondersoek wat van tyd tot tyd vir verdere ondersoek of op ander redelike gronde aangetoon, uitgestel kan word.
- 32.9 Indien die KDK of SDK, wat die geval ook mag wees, die Skorsing bekragtig, moet die Student, ingevolge klousule 32.11, geskors bly hangende die afhandeling van die Dissiplinêre Verrigtinge teen die Student, insluitende enige appèl, tensy die betrokke dissiplinêre komitee anders bepaal by die ondersoek.
- 32.10 Dissiplinêre Verrigtinge moet so gou prakties moontlik begin word deur 'n verslag soos beskryf in klousule 33 ná die tydelike Skorsing ingestel is.

### Hersiening op grond van opsetlike vertraging

- 32.11 'n Student wat tydelik of finaal geskors is, kan skriftelik by onderskeidelik die voorsitter van die KDK of die SDK aansoek doen om 'n hersiening van die Skorsing op grond van onbehoorlike vertraging in die ondersoek of in die vordering van die dissiplinêre aangeleentheid.
- 32.12 'n Aansoek om hersiening van 'n Skorsing op grond van onbehoorlike vertraging mag nie meer as een maal elke twee weke ingedien word nie.



### **33 Aanmelding en verwysing van beweerde Dissiplinêre Wangedrag**

- 33.1 Tensy 'n Klaer reeds 'n aangeleentheid by die Eenheid vir Gelykwaardigheid aangemeld het, is die prosedure om beweerde Dissiplinêre Wangedrag aan te meld die volgende:
- 33.2 Indien die beweerde wangedrag vir die persoon wat dit aanmeld soos Koshuiswangedrag voorkom, moet dit by 'n lid van die huiskomitee aangemeld word, wat dit summier kan afhandel, ingevolge die Huisreëls of by die Inwonende Hoof van die betrokke Koshuis of PSO-wyk aanmeld. Indien die lid van die huiskomitee die aangeleentheid summier hanteer, moet dit by die vroegste redelike geleentheid by die Inwonende Hoof aangemeld word vir bekragtiging. In geval van enige onopgeloste aangeleentheid, bepaal die Inwonende Hoof of dit as 'n Koshuisaangeleentheid na die HSD, of as 'n Dissiplinêre Aangeleentheid na die SDK verwys word vir die bepaling van die toepaslike dissiplinêre roete.
- 33.3 Indien die beweerde wangedrag binne 'n akademiese omgewing plaasvind, insluitende tydens 'n eksamen, assessering of lesing, of indien die beweerde wangedrag vir die persoon wat dit aanmeld soos Akademiese Wangedrag voorkom, word dit by die hoof van die betrokke departement aangemeld. Diedepartementshoof besluit of die aangeleentheid 'n Akademiese Aangeleentheid binne die departement hanteer word en of dit as 'n Dissiplinêre Aangeleentheid na die SDK verwys word vir die bepaling van die toepaslike dissiplinêre roete.
- 33.4 Waar beweerde wangedrag in 'n akademiese of koshuiskonteks ontstaan, maar ook 'n oortreding van die algemene reëls vir studentegedrag is, word aanvaar dat die Universiteit 'n belang by die uitkoms van die aangeleentheid sal hê wat verder strek as bloot die konteks waarbinne dit ontstaan het, en sodanige aangeleentheid 'n Dissiplinêre Aangeleentheid sal wees. Die besluit om 'n aangeleentheid as 'n Koshuis- of Akademiese Aangeleentheid te hanteer, wat die geval ook mag wees, is onderworpe aan hersiening deur die voorsitter van die SDK op versoek van die Direkteur: Regsdienste. Die voorsitter kan 'n verdere ondersoek en die samewerking van enige ander Funkisionaris vir die doel van hersiening versoek. Indien die voorsitter bepaal dat die aangeleentheid 'n Dissiplinêre Aangeleentheid is, word dit na die SDK verwys vir die bepaling van die toepaslike dissiplinêre roete in die normale loop.
- 33.5 Indien die beweerde wangedrag vir die persoon wat dit aanmeld soos Diskriminerende Wangedrag of Seksuele Wangedrag voorkom, word dit by die Eenheid vir Gelykwaardigheid aangemeld. Die Hoof van die Eenheid vir Gelykwaardigheid besluit of dit as 'n Gelykheidsaangeleentheid hanteer word of as 'n Dissiplinêre Aangeleentheid na die SDK verwys word vir die bepaling van die toepaslike dissiplinêre roete.

- 33.6 Enige ander beweerde wangedrag, en enige voorval van wangedrag wat oor meer as een area beweeg, moet by die kantoor van die HSD vir verwysing na die SDK aangemeld word.
- 33.7 Niks in hierdie klousule moet vertolk word dat dit 'n Funkisionaris, aan wie 'n funksie toegeken is, of wat 'n bevoegdheid ingevolge hierdie dissiplinêre kode het, verhoed om 'n aangeleentheid soos hierbo beskryf op eie inisiatief aan te meld nie of Dissiplinêre Verrigtinge in te stel nie.
- 33.8 Die HSD ontvang verwysings van Dissiplinêre Aangeleenthede namens die SDK vanaf 'n Inwonende Hoof, 'n departementshoof of die Eenheid vir Gelykwaardigheid, wat die geval ook mag wees.
- 33.9 Die HSD mag weier om 'n verslag of verwysing te aanvaar indien die feite in die verslag op die oog af nie 'n redelike vermoede bevestig dat Dissiplinêre Wangedrag plaasgevind is nie. In daardie geval moet die HSD 'n skriftelike verduideliking aan die persoon wat die aangeleentheid aangemeld of verwys het, stuur.

#### **34 Die aanvanklike ondersoek**

- 34.1 Enige personeellid, werknemer van die Universiteit of ander persoon met gesag oor 'n Student uit hoofde van hul amp in die Universiteit of spesifieke hoedanigheid in die konteks, mag bewysmateriaal van beweerde Dissiplinêre Wangedrag wat onmiddellik voorhande is, insamel en konfiskeer met die doel om die beweerde wangedrag aan te meld. Die persoon wat die bewyse konfiskeer, moet gelyktydig daarmee die konfiskering skriftelik aan die Student bevestig, en die bewysmateriaal so gou redelik moontlik, nadat die aangeleentheid aangemeld is, aan die SDO oorhandig om deel te vorm van die aanvanklike ondersoek.
- 34.2 By ontvangs van 'n verslag of 'n verwysing na die SDK vir bepaling van die toepaslike dissiplinêre roete, moet die HSD 'n aanvanklike ondersoek na die beweerde wangedrag magtig.
- 34.3 Die uitkoms van die aanvanklike ondersoek moet aan die Student wat van die wangedrag verdink word, gelewer word by wyse van 'n Skriftelike Kennisgewing, deur die HSD, met 'n uitnodiging om een van die volgende te doen:
  - 34.3.1 Om die beweerde wangedrag te erken en 'n kort skriftelike verklaring te verskaf waarin al die tersaaklike feite uiteengesit word, en waarin aangedui word of, en om watter redes, die Student wil hê die aangeleentheid by wyse van die summiere prosedure of deur die Eenheid vir Gelykwaardigheid, eerder as die SDK, hanteer moet word; of
  - 34.3.2 Om die beweerde wangedrag te ontken en 'n kort skriftelike verklaring te verskaf waarin die redes vir die Student se ontkenning vervat is, en of die Student beoog om vir Regsverteenwoordiging aansoek te doen.
  - 34.3.3 Die Student se skriftelike verklaring vorm deel van die voorlopige rekord.
- 34.4 Die kennisgewing waarna direk hierbo in klousule 34.3 verwys word, moet die volgende bevat:

- 34.4.1 'n Opsomming van die bewysmateriaal wat in die aanvanklike ondersoek versamel is, asook 'n lys en kort beskrywing van die Dissiplinêre Wangedrag wat die Student na bewering gepleeg het.
  - 34.4.2 Kennisgewing van die feit dat verdere ondersoeke kan plaasvind indien die aangeleentheid na die KDK of die SDK vir ondersoek verwys word, wat die geval ook mag wees, of na die Eenheid vir Gelykwaardigheid afgewentel word vir 'n oplossing.
  - 34.4.3 'n Verduideliking van die verskillende dissiplinêre roetes wat gevolg kan word. Die Student moet ingelig word dat afwenteling na die Eenheid vir Gelykwaardigheid op daardie stadium, asook die verwysing vir die summiere proses, 'n volledige skulderkenning van die wangedrag vereis.
  - 34.4.4 'n Uitnodiging om die beweerde wangedrag te erken tesame met 'n duidelike stelling dat die Student onder geen verpligting is om dit te doen nie.
  - 34.4.5 'n Duidelike uiteensetting van die potensiële sanksies wat in die summiere proses opgelê kan word, asook 'n vermelding dat 'n vrywillige skulderkenning ter versagting van 'n sanksie oorweeg kan word.
  - 34.4.6 Die Student mag op terme geplaas word om binne 72 uur op die kennisgewing te reageer. Indien geen reaksie binne daardie tydperk van die Student ontvang word nie, word dit beskou dat die Student die bewerings ontken. Indien daar later vasgestel word dat die Student wel die Dissiplinêre Wangedrag gepleeg het, kan die Student se gebrek aan samewerking as verswarende omstandighede by oplegging van die sanksie beskou word
- 34.5 Die uitkoms van die aanvanklike ondersoek, tesame met die skriftelike voorleggings van die Student wat na bewering die Dissiplinêre Wangedrag gepleeg het, vorm gesamentlik die voorlopige rekord.

#### Verwysing vanaf die Eenheid vir Gelykwaardigheid

- 34.6 Waar 'n aangeleentheid by die Eenheid vir Gelykwaardigheid aangemeld is en na die SDK vir ondersoek verwys is, vorm die rekord van die Eenheid vir Gelykwaardigheid se ondersoek die voorlopige rekord wat aangevul word, soos die HSD dit nodig ag.

## **35 Keuse van die toepaslike dissiplinêre roete**

- 35.1 Die voorlopige rekord, tesame met 'n skriftelike aanbeveling vanaf die HSD, word aan 'n voorsitter van die SDK voorgelê vir 'n besluit oor die toepaslike roete om die beweerde Dissiplinêre Wangedrag te hanteer. Die opsies is:
- 35.1.1 Die voorsitter beskik oor die diskresie om te weier om die aangeleentheid verder te voer met inagneming van die aard van die beskuldigings teen die Student, die belange van die Universiteitsgemeenskap en die persoon/persone teen wie die beweerde wangedrag gerig was, en die oortuigendheid van die bewyse wat in die aanvanklike ondersoek verkry is. In daardie geval moet die Student skriftelik in kennis gestel word dat Dissiplinêre Verrigtinge nie voortgaan nie.
- 35.1.2 Die voorsitter kan die summiere proses ingevolge klousule 36 volg indien die Student die beweerde wangedrag erken en die voorsitter tevrede is dat die erkenning vrywillig gedoen is met volle begrip van die moontlike gevolge.
- 35.1.3 Die voorsitter kan die aangeleentheid na die Eenheid vir Gelykwaardigheid verwys om die saak ingevolge die Universiteit se Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering te hanteer, tensy die aangeleentheid reeds vanaf die Eenheid vir Gelykwaardigheid ingevolge klousule 22.2 verwys is. Die Studente wat van wangedrag beskuldig word en die Student(e) teenoor wie die gedrag gepleeg is, indien hulle geïdentifiseer is, moet instem tot die afwenteling. Die voorsitter moet die Eenheid vir Gelykwaardigheid raadpleeg voordat die besluit geneem word om die aangeleentheid af te wentel, en die voorsitter moet tevrede wees dat elk van die betrokke Studente vrywillig ingestem het met volle begrip van die moontlike gevolge.
- 35.1.4 Die voorsitter mag die aangeleentheid ingevolge klousule 38 na die KDK verwys vir ondersoek.
- 35.1.5 Die voorsitter kan die aangeleentheid ingevolge klousule 37 na die volledige SDK verwys vir ondersoek.
- 35.2 Voordat die voorsitter 'n beslissing maak, kan die voorsitter van die SDK voorleggings vanaf enige party aanvra, insluitende van lede van die Rektor se Bestuurspan, en die voorsitter kan die HSD versoek om verder ondersoek na enige spesifieke aspek in te stel.
- 35.3 Die Student moet so gou redelik prakties moontlik ná die voorsitter se besluit skriftelik in kennis gestel word van die besluit.
- 35.4 Indien die summiere proses aanvaar word, moet die kennisgewing van die voorsitter se besluit 'n uitnodiging aan die Student insluit om verhoë rakende sanksies binne 'n redelike tyd aan die voorsitter te rig.
- 35.5 Indien die aangeleentheid na die Eenheid vir Gelykwaardigheid afgewentel word, moet die kennisgewing van die voorsitter se besluit die Eenheid vir Gelykwaardigheid se kontakbesonderhede bevat.
- 35.6 Indien die aangeleentheid na die volledige KDK of die SDK verwys word vir 'n ondersoek, moet die kennisgewing van die voorsitter se besluit ook die volgende insluit:

- 35.6.1 Die opsomming van die bewyse wat in die aanvanklike ondersoek en daarna verkry is, asook 'n lys en kort beskrywing van die beweerde Dissiplinêre Wangedrag wat vermoedelik deur die Studente gepleeg is. Die besonderhede wat voorsien word, moet voldoende wees om die Student in staat te stel om betekenisvol daarop te reageer.
- 35.6.2 Die kennisgewing moet verwys na die reg om vir Regsverteenwoordiging aansoek te doen, met 'n verduideliking van die prosedure om die aansoek in te dien, en 'n generiese voorbeeld van so 'n aansoek.
- 35.6.3 Die kennisgewing moet dit duidelik maak dat die verhoor mondelinge getuienis, geskrewe getuienis of albei mag insluit. Die kennisgewing moet noem dat die KDK of die SDK, wat die geval ook mag wees, mettertyd instruksies met meer besonderhede oor die ondersoek sal verskaf.

## **36 Summiere proses voor die voorsitter van die SDK**

- 36.1 Die voorsitter se besluit in die summiere proses berus op die voorlopige rekord.
- 36.2 Die voorsitter beskik oor die diskresie om sanksies uit die volgende moontlike opsies op te lê:
  - 36.2.1 Die betaling van 'n gespesifiseerde bedrag wat redelike en voldoende vergoeding geag word vir enige skade, verlies of koste wat die Student veroorsaak het.
  - 36.2.2 'n Skriftelike waarskuwing, insluitende 'n finale waarskuwing in die geval van 'n herhaaldelike of ernstige oortreding.
  - 36.2.3 Die publikasie van 'n Student se naam en besonderhede van die wangedrag en sanksie op toepaslike kennisgewingborde op die Kampus.
  - 36.2.4 Die oplegging van 'n toepaslike sanksie wat helende geregtigheid, rehabilitasie of straf beoog, insluitende gemeenskapsdiens van nie meer nie as 50 uur by 'n toepaslike organisasie of instansie.
  - 36.2.5 Enige kombinasie van die sanksies soos direk hierbo uiteengesit.
- 36.3 Die sanksie mag nie op die Student se akademiese rekord verskyn nie, maar word op die studenterekordstelsel aangebring.
- 36.4 By die oorweging van 'n toepaslike sanksie is die volgende oorwegings relevant en moet die keuse toegelig word deur alle relervante oorwegings:
  - 36.4.1 Proporsionaliteit tussen die wangedrag en die sanksie opgelê;
  - 36.4.2 Versagtede omstandighede, insluitende die feit dat die Student die gedrag erken het;
  - 36.4.3 Die belang van lede van die Universiteitsgemeenskap wat deur die wangedrag geraak is en die Universiteit in geheel.

## **37 Onderzoek voor die voltallige SDK**

### Besluite en kennisgewings voor die onderzoek

- 37.1 Die voorsitter van die SDK kan die instruksies aan die HSD rig om verder onderzoek in te stel na enige aspek van die aangeleentheid.
- 37.2 Waar 'n Klaer, of enige ander Student wat die beweerde wangedrag geraak is, 'n aanduiding aan die SDO gerig het van die Studente se begeerte om deel te neem aan Dissiplinêre Verrigtinge mag daardie Student skriftelike voorleggings in hierdie verband doen.

37.3 In toepaslike gevalle kan die voorsitter lede van die Universiteitsgemeenskap by wyse van 'n openbare kennisgewing uitnooi om skriftelike of mondelinge voorleggings rakende die aangeleentheid aan die SDK te doen. Die naam van 'n Student wat verdink word van beweerde Dissiplinêre Wangedrag, mag slegs in uitsonderlike omstandighede bekend gemaak word.

37.4 Die HSD moet in oorlegpleging met die voorsitter, instruksies aan die Student wat van Dissiplinêre Wangedrag beskuldig word, asook die Klaer, indien enige, oorhandig waarin die volgende inligting uiteengesit word:

37.4.1 Die tyd en die datum van die ondersoek van die aangeleentheid wat minstens tien (10) dae vanaf die datum van aflewering van die instruksie behoort te wees. Wanneer die tyd en datum van die ondersoek bepaal word, moet die voorsitter die Student wat van Dissiplinêre Wangedrag beskuldig word, asook die Klaer, indien enige, en enige ander persoon met 'n belang by die aangeleentheid se omstandighede in ag neem.

37.4.2 Die SDK se besluit oor die aansoek om Regsverteenvoording, indien een ingedien was.

37.4.3 Waar verdere ondersoek nuwe feitelike vraagstukke na vore gebring of die omvang van die beweerde wangedrag uitgebrei is, moet die instruksie 'n opsomming van sodanige nuwe materiaal bevat.

37.4.4 Of die SDK dit nodig ag dat om getuies te roep met inagneming van die uitkoms van die aanvanklike en verdere ondersoeke, of dit vereis word dat getuienis voorgelê moet word by wyse van beëdigde verklarings, in geheel of gedeeltelik. Waar die SDK beëdigde verklarings versoek, moet die instruksie 'n tydraamwerk vir die inhandiging daarvan, uiteensit.

37.4.5 Enige prosedurele aangeleenthede wat die SDK onder die partye se aandag wil bring, soos tydsbepelings op betoë of die taal wat by die ondersoek gebruik moet word.

37.4.6 Enige ander aangeleentheid wat die SDK nodig ag.

#### Die ondersoek

37.5 Die voorlopige rekord, die uitkoms van die verdere ondersoek, asook enige bykomende relevante materiaal, insluitende beëdigde verklarings, moet voor die ondersoek onder die lede van die SDK gesirkuleer word voor aanvangs van die ondersoek.

37.6 Die SDK kan vereis dat enige lid van die Universiteitsgemeenskap wat voorleggings aan die SDK gemaak het rakende die aangeleentheid die ondersoek bywoon, en mag daardie persoon ondervra.

37.7 Die SDK moet 'n feiteondersoek loods en vrae ter opklaring stel aan enige persoon wat voor die Komitee gaan verskyn. Enige persoon met 'n belang by die aangeleentheid moet 'n behoorlike geleentheid kry om die SDK toe te spreek.

37.8 Die Getuienis Leier en die Student, of die Student se Verteenvoordiger, moet geleentheid kry om opvolg vrae ter opklaring te stel.

- 37.9 Getuies mag gekruisondervra word slegs indien die SDK-voorsitter toestemming daartoe gee.
- 37.10 Skuldigbevinding deur die SDK moet op 'n oorwig van waarskynlikhede gegrond wees, d.w.s. volgens die party wie se weergawe die waarskynlikste is. Die kriminele bewyslas bo redelike twyfel is nie van toepassing nie.

### Sanksies

- 37.11 SDK het 'n diskresie om een of meer van die volgende sanksies op te lê indien daar bevind word dat die Student wel die Dissiplinêre Wangedrag gepleeg het:
- 37.11.1 Die betaling van redelike vergoeding vir enige skade, verlies of kostes veroorsaak deur die Student aan die Universiteit of teenoor enige persoon as gevolg van die wangedrag.
  - 37.11.2 'n Finale skriftelike waarskuwing.
  - 37.11.3 'n Opdrag om 'n skriftelike of persoonlike verskoning aan te bied teenoor enigiemand wat deur die wangedrag geraak is.
  - 37.11.4 Die oplegging van 'n sanksie wat herstellende geregtigheid, rehabilitasie of straf beoog, insluitende gemeenskapsdiens van nie meer nie as 150 uur by 'n gepaste organisasie of instansie.
  - 37.11.5 Die ontneming, opskorting of weerhouding van enige studentevoorregte soos deelname as lid, organiseerder of ampsdraer van enige studenteorganisasie of enige ander leierskapsposisie, of deelname aan Kampusaktiwiteite.
  - 37.11.6 Die verbeuring van eksamenuitslae, finale punte, klaspunte en ander vorm van krediet wat in eksamens, toetse of andersins behaal is.
  - 37.11.7 Die verbeuring van 'n beurs of lening wat deur die Universiteit toegeken is of geadministreer word.
  - 37.11.8 Kansellering van 'n graad of diploma wat bedrieglik behaal is.
  - 37.11.9 Permanente Skorsing uit die Universiteit of 'n US-koshuis: Permanente Skorsing kan opgeskort word, onderhewig aan sekere voorwaardes.
  - 37.11.10 Tydelike Skorsing uit die Universiteit of uit 'n US-koshuis vir 'n bepaalde tydperk: Wanneer sodanige vasgestelde tydperk verstryk het, mag die Student hertoegelaat word, onderhewig aan redelike voorwaardes en aan die normale reëls vir hertoelating. Die Tydelike Skorsing kan opgeskort word, onderhewig aan sekere voorwaardes.
  - 37.11.11 Skriftelike Kennisgewing wat die student identifiseer, die aard van die wangedrag verskaf en die sanksie wat opgelê is aan 'n professionele instansie of enige ander persoon of instansie wat 'n belang daarby kan hê.
  - 37.11.12 Skriftelike Kennisgewing wat die student identifiseer, die aard van die wangedrag verskaf en die sanksie wat opgelê is aan die Dekaan van



die fakulteit waar die student studeer.

- 37.11.13 Die publikasie op die Kampus van die besonderhede van die oortreding en sanksie, insluitende die Student se naam.
  - 37.11.14 Enige kombinasie van die sanksies wat direk hierbo gelys is.
  - 37.11.15 Die sanksie mag op die Student se rekord verskyn.
- 37.12 By die oorweging van 'n toepaslike sanksie is die volgende oorwegings relevant en moet die keuse toegelig word deur alle relevante oorwegings:
- 37.12.1 Proporsionaliteit tussen die wangedrag en die sanksie wat opgelê is;
  - 37.12.2 Versagende omstandighede, indien enige, wat mag insluit samewerking van die Student met die dissiplinêre proses insluit;
  - 37.12.3 Omgekeerd sal 'n gebrek aan samewerking met die dissiplinêre proses as 'n verswarende faktor beskou kan word.
  - 37.12.4 Die belang van lede van die Universiteitsgemeenskap wat deur die wangedrag geraak is en die Universiteit in die geheel.
- 37.13 Die SDK beskik oor die diskresie om die effektiewe datum vir die sanksie uit te stel, hangende die uitkoms van 'n appèl. Waar dit redelikerwys vir die SDK voorkom dat 'n appèl aangeteken word met die uitsluitlike doel om die implementering van die sanksie te vertraag, mag dit weier om die effektiewe datum uit te stel.
- 37.14 Die SDK kan die sanksie volledig of gedeeltelik opskort, onderworpe aan die nakoming van enige voorwaarde wat dit as toepaslik beskou.
- 37.14.1 Dit kan insluit verwysing van die aangeleentheid vir 'n alternatiewe dispuutoplossingmeganisme met die uitdruklike instemming van die Klaer, indien enige.
  - 37.14.2 Die HSD moniteer die nakoming van enige voorwaarde van 'n opgeskorte sanksie en doen verslag daarvoor aan die voorsitter van die SDK. Indien dit vir die HSD voorkom asof daar nie aan die voorwaarde van Skorsing binne die vereiste tyd of op die vereiste wyse voldoen word nie, moet die HSD die Student nooi om 'n skriftelike verduideliking te verskaf wat by die verslag aan die voorsitter ingesluit moet word. Indien die voorsitter tevrede is dat die voorwaarde van Skorsing nie nagekom is soos deur die voorwaarde vandie opskorting vereis word nie, moet die voorsitter die sanksie van krag maak en die Student dienooreenkomstig verwittig.
- 37.15 In toepaslike gevalle, of op aanbeveling, kan die SDK aanbeveel dat groepe Studente wat nie skuldig aan wangedrag bevind is nie, nietemin deelneemaan prosesse wat dieherstel van vertrouete binnedie Universiteitsgemeenskap dien.

#### Kennisgewing van die SDK se besluit en sanksie

- 37.16 Die besluit van die SDK kan onmiddellik mondeling oorgedra word, in welke geval skriftelike redes vir die besluit op 'n latere stadium voorsien moet word. Skriftelike redes vir die SDK se besluit moet aan alle geaffekteerde partye voorsien word en moet so gou redelik moontlik gelewer word.

- 37.17 'n Opsomming van die feite van die aangeleentheid, die uitkoms en redes moet op 'n openbare universiteitsforum gepubliseer word met die name wat uitgehaal is.

### Appèl

- 37.18 Enige party wat deur die besluit van die SDK geraak word, kan binne vyf (5) dae na ontvangs van die redes vir die besluit 'n appèl teen die besluit aanteken. Die appèl berus by die DAK.
- 37.19 Die kennisgewing van die SDK se besluit moet alle inligting insluit wat nodig is vir die persoon wat kennisgewing ontvang, om 'n appèl aan te teken.
- 37.20 Die appèl word by wyse van 'n kennisgewing aangeteken wat die gronde van appèl uiteensit op die wyse en binne die tydraamwerke wat in die kennisgewing van die SDK se besluit voorgeskryf word.

## **38 Onderzoek voor die Koshuis Dissiplinêre Komitee**

### Instruksies en kennisgewings voor die onderzoek

- 38.1 Die voorsitter van die KDK kan die HSD versoek om verder onderzoek in te stel na enige aspek van die aangeleentheid.
- 38.2 Waar 'n Klaer of enige ander Student geaffekteer deur die beweerde wangedrag 'n begeerte teenoor die SDO aandui het om aan die Dissiplinêre Verrigtinge deel te neem, kan daardie Student dit doen op sodanige voorwaardes as wat die voorsitter as gepas ag.
- 38.3 In toepaslike gevalle kan die voorsitter lede van die Koshuis waarin die aangeleentheid ontstaan het by wyse van 'n openbare kennisgewing nooi om skriftelike of mondelinge voorleggings rakende die aangeleentheid aan die KDK te doen. Die naam van 'n Student wat na bewering Dissiplinêre Wangedrag gepleeg het, mag slegs in uitsonderlike omstandighede bekend gemaak word.
- 38.4 Die HSD of genomineerde moet in oorlegpleging met die voorsitter van die KDK instruksies aan die Student wat na bewering Dissiplinêre Wangedrag gepleeg het asook die Klaer, indien enige, oordra waarin die volgende inligting uiteengesit word:
- 38.4.1 Die tyd en die datum van die onderzoek van die aangeleentheid wat minstens tien (10) dae vanaf die datum van aflewering van die instruksie behoort te wees. Wanneer die tyd en datum van die onderzoek bepaal word, moet die voorsitter die Student wat van Dissiplinêre Wangedrag beskuldig word, asook die Klaer, indien enige, en enige ander persoon met 'n belang by die aangeleentheid se omstandighede in ag neem.
- 38.4.2 Die KDK se besluit oor die aansoek om Regsverteenvoording, indien een voorgelê is.
- 38.4.3 Waar verdere onderzoek nuwe feitelike vraagstukke na vore gebring of die omvang van die beweerde wangedrag uitgebrei het, moet die

instruksie 'n opsomming van sodanige nuwe materiaal verskaf.

- 38.4.4 Of die KDK getuienis in geheel of gedeeltelik sal aanvaar wat by wyse van beëdigde verklarings gelewer word, in welke geval die instruksie 'n tydraamwerk vir voorlegging moet uiteensit.
- 38.4.5 Enige prosedurele aangeleenthede wat die KDK onder die partye se aandag wil bring, soos tydsbepelings ten opsigte van betoë of die taal wat by die ondersoek gebruik moet word.
- 38.4.6 Enige ander aangeleentheid wat die KDK nodig ag.

#### Die ondersoek

- 38.5 Die voorlopige rekord, die uitkoms van die verdere ondersoek asook enige bykomende relevante materiaal, insluitende verklarings, moet voor die ondersoek onder die lede van die KDK gesirkuleer word.
- 38.6 Die KDK kan vereis dat enige lid van die Universiteitsgemeenskap wat voorleggings rakende die aangeleentheid aan die KDK gemaak het die ondersoek bywoon, en mag daardie persoon ondervra.
- 38.7 Die getuienisaanbieder stel die saak vir die Universiteit.
- 38.8 Kruisondervraging van getuies, indien enige, moet met Toestemming van die voorsitter van die KDK geskied.
- 38.9 Die KDK kan enige party wat verskyn, ondervra.

#### Sanksies

- 38.10 Die KDK beskik oor 'n diskresie om een of meer van die volgende sanksies op te lê indien die komitee bevind die Dissiplinêre Wangedrag is inderdaad gepleeg:
  - 38.10.1 Die betaling van redelike vergoeding vir enige skade, verlies of koste wat die Student aan die Universiteit of enige ander persoon as gevolg van die Wangedrag veroorsaak het.
  - 38.10.2 'n Finale skriftelike waarskuwing.
  - 38.10.3 'n Opdrag om 'n geskrewe of persoonlike verskoning teenoor enigiemand wat deur die wangedrag geraak is, aan te bied.
  - 38.10.4 Die oplegging van 'n toepaslike sanksie wat helende geregtigheid, rehabilitasie of straf ten doen het, insluitende gemeenskapsdiens van nie meer nie as 100 uur in 'n Koshuis of PSO-wyk, op die Kampus of by 'n toepaslike organisasie of instansie.
  - 38.10.5 Die ontneming van sodanige leierskapsposisie wat die Student in die betrokke Universiteitskoshuis of PSO-wyk of in die Studente-unie mag beklee.
  - 38.10.6 Die opskorting van enige studentevoorregte wat die Student as lid van die betrokke Koshuis of PSO-wyk geniet, of as 'n Student van die Universiteit, maar uitgesluit Uitsetting uit die betrokke Koshuis, PSO-wyk of die Universiteit.

38.10.7 Enige kombinasie van die sanksies wat direk hierbo gelys is.

38.11 By die oorweging van 'n toepaslike sanksie is die volgende oorwegings relevant en moet die keuse toegelig word deur alle relervante oorwegings:

38.11.1 Proporsionaliteit tussen die wangedrag en die sanksie watopgelê is;

38.11.2 Versagtinge omstandighede, indien enige, wat mag insluit samewerking van die Student met die dissiplinêre proses;

38.11.3 Omgekeerd sal 'n gebrek aan samewerking met die dissiplinêre proses as 'n verswarende faktor beskou kan word.

38.11.4 Die belang van lede van die Koshuis wat deur die wangedrag geraak is, en die belang van die Koshuis en die Universiteit in die geheel.

38.12 Die KDK beskik oor die diskresie om die effektiewe datum vir die sanksie uit te stel, hangende die uitkoms van 'n appèl. Waar dit redelikerwys vir die KDK voorkom dat 'n appèl aangeteken word met die uitsluitlike of primêre doel om die implementering van die sanksie te vertraag, mag dit weier om die effektiewe datum uit te stel.

38.13 Die KDK kan die sanksie volledig of gedeeltelik opskort, onderworpe aan die nakoming van enige voorwaarde wat dit as toepaslik beskou.

38.13.1 Dit kan verwysing van die aangeleentheid na die Eenheid vir Gelykwaardigheid vir 'n alternatiewe dispuutoplossingmeganisme met die uitdruklike instemming van die Klaer, indien enige, insluit.

38.13.2 Die HSD moniteer die nakoming van enige voorwaarde van 'n opgeskorte sanksie en doen verslag daarvoor aan die voorsitter van die KDK. Indien dit vir die HSD voorkom asof daar nie aan die voorwaarde van Skorsing binne die vereiste tyd of op die vereiste wyse voldoen word nie, moet die HSD die Student nooi om 'n skriftelike verduideliking te verskaf wat by die verslag aan die voorsitter ingesluit moet word. Indien die voorsitter tevrede is dat die voorwaarde van Skorsing nie nagekom is soos deur die voorwaarde vandie opskorting vereis word nie, moet die voorsitter die sanksie van krag maak en die Student dienoreenkomstig verwittig.

38.14 In toepaslike gevalle, of op aanbeveling, kan die KDK aanbeveel dat groepe Studente wat nie skuldig bevind is aan wangedrag nie, nietemin deelneem aan prosesse wat die herstel van vertrouwe binne die Koshuis of die Universiteitsgemeenskap dien.

#### Kennisgewing van die KDK se besluit en sanksie

38.1 Die besluit van die KDK kan onmiddellik mondeling oorgedra word, in welke geval skriftelike redes vir die besluit op 'n latere stadium voorsien moet word. Skriftelike redes vir die KDK se besluit moet aan alle geaffekteerde partye voorsien word en moet so gou redelik moontlik gelewer word.

- 38.2 'n Opsomming van die feite van die aangeleentheid, die uitkoms en redes moet op 'n openbare universiteitsforum gepubliseer word met die name wat uit die rekord gevee is.

### Appèl

- 38.3 Enige party wat deur die besluit van die KDK geraak word, kan binne vyf (5) dae na ontvangs van die redes vir die besluit 'n appèl teen die besluit aanteken. Die appèl berus by die DAK.
- 38.4 Die kennisgewing van die KDK se besluit moet alle inligting insluit wat nodig is vir die persoon wat kennisgewing ontvang, om 'n appèl aan te teken.
- 38.5 Die appèl word by wyse van 'n kennisgewing aangeteken wat die redes van appèl uiteensit op die wyse en binne die tydraamwerke wat in die kennisgewing van die KDK se besluit voorgeskryf word.

## **39 Appèl na die KDK teen 'n besluit deur die Huis Dissiplinêre Komitee**

- 39.1 Wanneer 'n appèl teen 'n besluit van die Huis Dissiplinêre Komitee van 'n Koshuis aangeteken word, moet die voorsitter die HSD onmiddellik van die appèl in kennis stel.
- 39.2 'n Toepaslike rekord van die verrigtinge voor die Huis Dissiplinêre Komitee moet voorberei word deur die persoon verantwoordelik vir rekordhouding ingevolge klousule 20.10. Verrigtinge mag met oudiotoerusting opgeneem word.
- 39.3 Die HSD moet die appellant versoek om die redes van appèl skriftelik voor te lê, en die appellant inlig oor die datum en tyd vir die aanhoor van die appèl.
- 39.4 Die rekord van verrigtinge en redes van appèl moet voor die aanvang van die appèlverhoor aan die KDK verskaf word. Toegang tot die rekord van verrigtinge mag toegestaan word aan enige party tot die appèl op diskresie van die voorsitter van die KDK wat die wyse en omvang van die toegang bepaal. Afskrifte of transkripsies kan toegelaat word teen betaling van redelike koste daarvan, wat die geval ook mag wees.
- 39.5 In 'n appèlverhoor teen 'n besluit deur die Huis Dissiplinêre Komitee bepaal die KDK eie prosedures, onderworpe aan dié wat in hierdie kode voorsien word, en Regsverteenvoordiging sal nie toegelaat word nie.
- 39.6 Die KDK hoor slegs betoë aan wat op die rekord van verrigtinge voor die Huis Dissiplinêre Komitee berus. Dit kan die besluit van die Huis Dissiplinêre Komitee tersyde stel en die aangeleentheid vir heroorweging voorlê, onderworpe aan die riglyne wat die KDK verskaf, of dit kan die besluit van die Huis Dissiplinêre Komitee bekragtig.
- 39.7 Daar is geen verdere appèl teen 'n besluit van die Huis Dissiplinêre Komitee nie.

## 40 Onderzoek voor die DAK

- 40.1 Die HSD moet onmiddellik met die aantekening van 'n appèl aan die DAK, die rekord van die ondersoek voor die KDK of die SDK saamstel wat die transkripsie van enige opnames insluit en die saamgestelde lêer waarna in klousule 27.3.6 verwys word, dienoreenkomstig aanvul. Die saamgestelde lêer moet so gou prakties moontlik aan die lede van die DAK voorsien word.
- 40.2 Enige party wat by die appèl betrokke is, mag toegang tot die boekstaving van die ondersoek kry volgens die goeddunke van die DAK-voorsitter, wat oor sodanige toegang sowel as die omvang daarvan beslis. 'n Transkripsie van die oudiorekord mag gedoen word teen betaling van die redelike koste daaraan verbonde.

### Riglyne voor die ondersoek

- 40.3 Die voorsitter van die DAK kan die HSD versoek om verder ondersoek in te stel na enige aspek van die aangeleentheid.
- 40.4 In toepaslike gevalle kan die voorsitter lede van die Universiteitsgemeenskap by wyse van 'n openbare kennisgewing uitnooi om skriftelike of mondelinge voorleggings rakende die aangeleentheid aan die DAK te doen. Die naam van die appellant en enige ander Student wat geraak is, mag slegs in uitsonderlike omstandighede bekend gemaak word.
- 40.5 Die voorsitter van die DAK moet instruksies aan die appellant en enige ander Student wat geraak word, stuur waarin die volgende inligting uiteengesit word:
- 40.5.1 Die tyd en die datum vir die ondersoek van die appèl wat minstens tien (10) dae vanaf die datum van aflewering van die instruksies moet wees. Wanneer die tyd en datum van die ondersoek bepaal word, moet die voorsitter die omstandighede van die appellant en enige ander Student wat geraak is in ag neem.
- 40.5.2 Die DAK se besluit oor die aansoek om Regsverteenvoordiging, indien een ingedien is.
- 40.5.3 Waar verdere ondersoek nuwe feitelike vraagstukke na vore gebring het, moet die instruksies 'n opsomming van sodanige nuwe materiaal verskaf.
- 40.5.4 Of die DAK dit nodig ag dat bykomende getuies geroep moet word of verdere bewys ingedien moet word. Waar die DAK beëdigde verklarings verlang, moet die opdrag 'n tydraamwerk vir hul voorlegging uiteensit.
- 40.5.5 Enige prosedurele aangeleenthede wat die DAK onder die partye se aandag wil bring, soos tydsbeperkings ten opsigte van betoë of die taal wat by die ondersoek gebruik moet word.
- 40.5.6 Enige ander aangeleentheid wat die DAK nodig ag.

## Die ondersoek

- 40.6 Die rekord van verrigtinge in die KDK of die SDK, wat die geval ook mag wees, asook enige bykomende relevante materiaal, insluitende beëdigde verklarings, moet voor die ondersoek onder die lede van die DAK gesirkuleer word.
- 40.7 Die DAK kan vereis dat enige lid van die Universiteitsgemeenskap wat voorleggings rakende die aangeleentheid aan enige dissiplinêre komitee gemaak het, die ondersoek bywoon, en mag daardie persoon ondervra.
- 40.8 Die getuienisaanbieder stel die saak vir die Universiteit.
- 40.9 Kruisondervraging van getuies, indien enige, moet met Toestemming van die DAK geskied.
- 40.10 Die DAK kan enige party wat verskyn, ondervra en mag die verrigtinge lei solank die appellant en enige persoon wat geraak word deur die besluit waarteen geappelleer word, volle geleentheid gegun word om die DAK toe te spreek.

## Sanksies

- 40.11 Die DAK word beperk tot die moontlike sanksies van die dissiplinêre komitee teen wie se beslissing die appèl aangeteken is.
- 40.12 Die DAK beskik oor die diskresie om sanksies in te stel wat verskil van dié wat deur die dissiplinêre komitee, teen wie die appèl aangeteken is, ingestel is ten spyte van bekragtiging van daardie komitee se bevindinge rakende die Dissiplinêre Wangedrag.

## Kennisgewing van die DAK se besluit en sanksie

- 40.13 Kennisgewing van die DAK se besluit moet skriftelik wees en moet so gou redelik moontlik gelewer word, maar in alle gevalle nie later as een (1) kalendermaand na afloop van die ondersoek nie. Skriftelike redes vir die DAK se besluit moet aan alle geaffekteerde partye voorsien word.
- 40.14 'n Opsomming van die feite van die aangeleentheid, die uitkoms en redes moet op 'n openbare universiteitsforum gepubliseer word nadat die name van die partye uitgehaal is.


## AKRONIEME

<b>AKRONIEM</b>	<b>VOLLE NAAM</b>	
<b>SDK</b>	<b>Sentrale Dissiplinêre Komitee</b>	
<b>DAK</b>	<b>Dissiplinêre Appèlkomitee</b>	
<b>HSD</b>	<b>Hoof: Studentedissipline</b>	
<b>PSO</b>	<b>Privaat Studenteorganisasiewyk</b>	
<b>KDK</b>	<b>Koshuis Dissiplinêre Komitee</b>	
<b>SDO</b>	<b>Studente Dissiplinêre Ondersoeker</b>	
<b>SR</b>	<b>Studenteraad</b>	



# VLOEIKARTE VAN PROSESSE

## GEWONE GEVALLE



**BUITENGEWONE GEVAL**



**TYDELIKE SKORSING:**

